

Wêreld van Môre

Want die aarde sal vol word met die kennis van die heerlijkheid van die Here soos die waters die seabodem oordek.

Vol. 12, No. 6

Vertalings uit 'n vroeër gepubliseerde Nov-Des 2012 *Tomorrow's World*-tydskrif



Persoonlik

Deur Richard F Ames, Redaksionele Direkteur

Waarom is ons hier?

Wees gegroet vriende! Ons hoofredakteur, dr. Roderick C. Meredith, het my gevra om te begin om hierdie “Persoonlike” boodskappe 'n paar keer elke jaar te skryf sodat hy meer tyd aan ander dringende projekte kan bestee. Op die ouderdom van 82 jaar bly dr. Meredith meer produktief as baie manne wat heelwat jonger is en sy toewyding aan die werk van God is 'n inspirasie vir ons almal by *Die Wêreld van Môre*. U kan uitsien daarna om dr. Meredith se volgende “Persoonlike” boodskap in die Januarie-Februarie 2014 uitgawe van hierdie tydskrif te lees.

Sommige van u lesers mag bewus wees daarvan dat ons in Desember 2012 die 60ste herdenking van dr. Meredith se inseëning as Evangelis van Jesus Christus gevier het. Ons hier by *Die Wêreld van Môre* is dankbaar vir sy voortgesette voorbeeld van leierskap, diens en toewyding om die evangelie van die toekomstige Koninkryk van God te verkondig aan 'n wêreld wat dit desperaat nodig het om die waarheid van God se plan vir die mensdom te hoor.

Ek het 50 jaar gelede, in die herfs van 1962, die voorreg gehad om dr. Meredith te ontmoet toe hy die dosent was van my “Eerstejaar Bybelklas” aan *Ambassador College*. Deur die jare heen is ek herhaaldelik bemoedig deur sy voorbeeld van toewyding en ywer. Dit is ongetwyfeld dr.

Meredith se voortdurende voorbeeld wat toegelaat het dat God hom so kragtig gebruik om standpunt in te neem vir die waarheid. Selfs terwyl so baie ander weggedraai het van daardie waarheid, gekompromitteer het of die boodskap verdraai het vir hulle eie persoonlike gewin. In 'n belangrike sin is dr. Meredith se dienende leierskap 'n grondliggende rede waarom ons hier by *Die Wêreld van Môre* is en voortgaan om die boodskap van die Kerk van God, die evangelie van die toekomstige Koninkryk van God, te verkondig. Dit is in skerp teenstelling met so baie mense wat hulself “Christene” noem maar wie se daaglikse lewe hulle liefde vir die wêreld demonstreer asook hul onkunde oor God se openbaarde doel vir hul lewens.

Soos u sal sien in my artikel “*Ware Christelike sukses*” elders in hierdie uitgawe, is daar baie meer in die lewe as die soeke na rykdom, mag, status en plesier. God verbied ons nie om fisiese sukses te behaal nie – inderwaarheid wil Hy hê dat ons meer “lewe en oorfloed kan hê” as diegene wat aan Hom ongehoorsaam is (Johannes 10:10). Om ditegter te kan doen, leer Hy ons om ons fisiese pogings in harmonie te hou met ons geestelike strewes. As Christene behoort ons heel eerste die toekomstige Koninkryk van God en Sy geregtigheid te soek (Mattheüs 6:33). Indien ons

God eerste stel en 'n behae het in Sy weë, dan belowe Hy nie slegs om in ons behoeftes te voorsien nie; Hy sal ons ook die begeertes van ons hart gee (Psalm 37:4). Dit sal natuurlik Christelike begeertes wees, nie vleeslike wellus en skandelige hartstogte nie.

Rondom ons sien ons 'n wêreld wat nie weet wat Sy doel is nie en waarin miljarde mense swaar kry. Die wêreldwye finansiële krisis bly Amerika en baie ander Westerse nasies kwel. Amerika, wat alreeds die wêreld se grootste skuldenaar-nasie is, sal spoedig 'n enorme bykomende uitgawe tot sy alreeds massiewe finansiële verpligtinge die hoof moet bied! 'n Artikel in die tydskrif *Barron*, getiteld "*Watch Out!*" waarsku dat "die koste verbonde aan bejaardesorg die federale begroting sal dreineer". Verder: "Vir jare kon politici en pensioentrekkers die krisis wat Amerika se Maatskaplike Sekerheidstelsel bedreig, veilig ignoreer. Die probleme het ver in die wasige toekoms gelê, ver anderkant die volgende verkiesingsdag en die volgende rondte gholp. Dit alles is nou besig om te verander, die grond begin wankel. Die eerste van Amerika se 78 miljoen na-oorlogse babas (*baby boomers*) word nou 66. Dit beteken dat hulle kwalifiseer vir volle Maatskaplike Sekerheidsvoordele ... In kort, die toekoms het aangebreek en lyk nie goed nie" (18 Junie 2012, bl.23).

Namate ons Westerse

Vervolg op bladsy 27

Inhoudsopgawe

Voorblad

Persoonlik – Waarom is ons hier?

Mr. Richard F. Ames se persoonlike rubriek

Hoofartikel

Weerstaan demone! 3

Die geesteswêreld is 'n realiteit en dit het ook 'n werklike bese sy. God waarsku ons dat Satan die god van hierdie huidige tydperk is. Hoe kan u die versoekings van Satan en sy demone weerstaan?

Onnatuurlike rampe 8

Die vermaaklikheidsbedryf het mense se gedagtes gevul met baie vals idees aangaande die einde van die wêreld. Sal u Jesus Christus erken by Sy wederkoms – sal u daarvoor gereed wees?

Môre se Jeug 13

Let op u gedagtes!

Ware Christelike sukses 15

God wil hê dat mense die weg na ware sukses fisies en geestelik leer. Laat u Bybel u die pad aantoon na 'n meer oorvloedige en vervulde lewe!

Die Bere 20

Hoe kan u voorberei vir moeilikheid sonder om te swig voor vrees?

Die Werke van Sy hande 21

Wetenskap vs. Oordeelsdag 2012

Gereeld

Vrae en Antwoorde 23

Profesie neem gestalte aan 24

Besoek ons webwerf by:

www.wvm.co.za

of vir Engelse literatuur:

www.tomorrowworld.org

Wêreld van Môre

Hoofredakteur

Roderick C. Meredith

Redaksionele Direkteur

Richard F. Ames

Uitvoerende Redakteur

William Bowmer

Besturende Redakteur

John Robinson

Streksredakteurs

Bruce Tyler (Australasië)

Gerald Weston (Kanada)

Rod King (Europa)

Besigheidsbestuurder

Dexter B. Wakefield

Strekskantore

VSA:

P.O. Box 3810

Charlotte, NC 28227-8010

Tel: (704) 844-1970

Faks: (704) 841-2244

www.tomorrowworld.org

AUSTRALASIË:

PO Box 300

Claredon, SA 5157

Tel: (61) 8 8383 6288

Faks: (61) 8 8127 9667

KANADA:

P.O. Box 409

Mississauga, ON L5M 0P6

Tel: (905) 814-1094

Faks: (905) 814-7659

NIEU-SEELAND:

P.O. Box 2767

Auckland 1140, New Zealand

Tel/Faks: (09) 268 8985

FILIPPYNSE EILANDE:

PO Box 492

Araneta Center 1135, Philippines

Tel: 63-2-723-0499

Faks: 63-2-414-5349

SUID-AFRIKA:

Privaatsak X 3016

Harrismith, FS 9880

Tel: 058 622 1424

Faks: 058 623 1303

Die *Wêreld van Môre*-tydskrif het geen intekenprys nie. Die *gratis* verspreiding van hierdie tweemaandelikse tydskrif word moontlik gemaak deur tiendes en offergawes van lidmate van die Lewende Kerk van God, en van ander wat vrywillig medewerkers geword het in die verkondiging van Christus se ware Evangelie aan alle nasies. Bydraes is welkom en word met dank erken.

Die *Wêreld van Môre*-tydskrif word in Suid-Afrika vertaal, gedruk en uitgegee deur die Lewende Kerk van God.

© Lewende Kerk van God

Alle regte voorbehou

Alle Skrifverwysings is uit die Ou Vertaling (1933), tensy anders aangedui (NV, Nuwe Vertaling, 1983).

Weerstaan demone!

Deur Roderick C. Meredith

Kan u uself beskerm teen die magte van die bose wat voorkom of dit toenemend magtiger word in ons wêreld?

Wilde en bykans onverklaarbare dinge is besig om te gebeur. Oënskynlik “versteurde” individue is besig om mense dood te maak in openbare plekke wat eens as veilig beskou was. Ongewone gevalle van *selfmoord* is ook aan die toeneem – dikwels is mense betrokke wat normaal “voorgekom” het net voordat hulle hulself doodmaak!

Hoekom gebeur dit alles? Wat baie min mense – selfs die meeste sogenaamde “kundiges” – nie besef nie, is dat daar werklik 'n “geesteswêreld” is. Satan die duiwel is 'n *magtige* geestelike wese wat *baie keer* in u Bybel genoem word. Satan het ook 'n letterlike leer van “demone” – gevalle engele wat saam met hom teen God in opstand gekom het. Die duiwel gebruik hierdie gevalle engele om mense te beïnvloed, mislei, ontmoedig en selfs om mense te “beset” wat hy spesifiek wil aanval.

Glo u, persoonlik, werklik dat die Bybel deur God geïnspireer is? *Indien* wel, dan kan hierdie artikel u geweldig help. Andersins lees u maar net van “iemand anders se mening”. Mag God u help om Sy geïnspireerde Woord te *verstaan!* Wat sê God aan ons aangaande demone? Wat het Christus gedoen? “Toe het hulle 'n duiwelbesetene wat blind en stom was, na Hom gebring; en Hy

het hom gesond gemaak, sodat die blinde en stomme kon praat en sien. En die hele menigte was verbaas en het gesê: Is Hy nie miskien die seun van Dawid nie? Maar toe die Fariseërs dit hoor, sê hulle: Hy dryf die duiwels nie anders uit as deur Beëlsebul, die owerste van die duiwels, nie. Maar Jesus het hulle gedagtes geken en vir hulle gesê: Elke koninkryk wat teen homself verdeeld is, word verwoes; en elke stad of huis wat teen homself verdeeld is, sal nie bly staan nie. En as die Satan die Satan uitdryf, dan is hy teen homself verdeeld. **Hoe sal sy koninkryk dan bly staan?**” (Mattheüs 12:22-26).

Hierdie verse toon dat Satan die duiwel 'n “koninkryk” het – 'n koninkryk gevul met *demone!* Openbaring 12:3-4 toon beslis dat Satan se kragtige invloed veroorsaak het dat ongeveer een derde van die totale engele skare hom gevolg het in sy opstand teen die Skepper. Daar is 'n *groot aantal demone* daar buite! Dus, wanneer die geprofeteerde eindtydse “**geestesoorlog**” uitbreek met Satan en sy demone wat veg teen die leer van die hemel (Openbaring 12:7), sal miljoene van Satan se gevalle “engele” saam met hom “neergewerp” word (vers 9).

Ons betree nou 'n tyd van “geestelike oorlogvoering”, meer dramaties as enigiets wat hierdie

wêreld vir 'n lang, lang tyd ondervind het! Dit is geprofeteer dat, voor die einde van hierdie huidige tydperk, een van Satan se *menslike* dienaars *letterlik* “**vuur** uit die hemel [sal] laat neerdaal op die aarde voor die oë van die mense” (Openbaring 13:13).

Satan en sy demone besmet hierdie wêreld se atmosfeer. U Bybel noem Satan dus “die owerste van die mag van die lug, van die gees wat **nou** in die kinders van die ongehoorsaamheid **werk**” (Efesiërs 2:2). Hy en sy demone het 'n *geweldige invloed* op hierdie wêreld – in die samelewing, die media en in die manier waarop mense dikwels gelei word om te dink. Satan is dus 'n **moordenaar**. Hy en sy demone keur die feit af dat – in teenstelling met die engele en die demone – ons mense gemaak is na die “beeld” van God Self, dat ons ook die ontsaglike potensiaal het om **werklike seuns** van God te word. Daarom sal Satan en sy demone op elke manier *probeer om dit te verhoed*. As die opperste **moordenaar**, sal Satan probeer om die mens op baie verskillende maniere te **vernietig** – deur *godsdienstige misleiding*, politieke bedrywighede, misplaasde onderwys en vals “kennis”. Hy en sy demone is besig met die toediening van

gesindhede van wellus, afguns, haat en moord in dikwels niksvermoedende mense. Satan is die opperste **leuenaar** – die “vader” van leuens (Johannes 8:44) – hy en sy demone probeer selfs om 'n subtiele “kinkel” van boosheid in skynbaar edel idees en aktiwiteite te plaas, om liggelowige mense te *verwar* en hul te distansieer van ons Skepper, die enigste *ware* God.

Media invloed

Die Westerse samelewing, veral ons *media*, gaan voort om mense se gedagtes, van hul vroegste kinderjare af, *te deurweek* met vreemde beelde van 'n *onwerklike wêreld* – dit behels dikwels vreemde geestelike wesens, vreemde ruimtes, verskriklike geweld en ongewone karakters wat simpatiek uitgebeeld word, soos dié in die Harry Potter-reeks en die onlangse vlaag “vampier”-boeke en rolprente. Dit is geen wonder dat die gedagtegang van jong mense so dikwels *verwar* word met wat werklikheid is en wat *nie werklikheid* is nie. Deur na al hierdie **gemors** te kyk, word hulle ook duidelik *verwar* tussen wat goed en wat kwaad is.

Die meeste jong mense aanvaar al hierdie tipe ongewone aktiwiteite as vanselfsprekend. Sommige van hulle wat hierdie artikel lees, mag selfs lag dat ons by die *Wêreld van Môre* sulke dinge heeltemal te ernstig opneem. Hoewel diegene van ons wat grootgeword het in 'n tyd toe daar *nog nie so iets* soos televisie of die

Internet was om al hierdie “eienaardige wêreld” beskikbaar te maak nie – met baie donker, onheilspellende “ontsnappings”-wêreld, wat uitgedink word deur siniese skrywers en vervaardigers wat *dikwels grootliks deur* drank en dwelms beïnvloed word, wat oor die algemeen *absoluut ellendige huwelike en gesinslewens* het – weet dat daar 'n ander en beter weg is.

Wat is die antwoord? Dit is nie te vinde in ons menslike redenasies nie. Indien ons nogtans bereid is om te verstaan, sal ons vind dat slegs die geïnspireerde woord van die Skepper wat aan ons lewe en asem skenk, vir ons die ware weg kan aanwys om die euwels van hierdie wêreld te oorwin en te lewe volgens die weg wat uiteindelik vrede en geluk bring.

Koning Dawid van Israel – die “man na God se hart” – verklaar onder inspirasie: “Ek stel geen lae ding voor my oë nie; die dade van afvalliges haat ek; dié sal my nie aankleef nie. 'n Verkeerde hart moet ver van my af bly; wat kwaad is, wil ek nie ken nie” (Psalms 101:3-4). Nogtans is misleide mense *voortdurend* besig om allerhande soorte “bose” beelde en dinge voor hul oë te stel.

Ontelbare miljoene van ons jong mense vul hul verstand met grafiese beelde van geweld, verdraaide seks, wreedheid, vreemde “ruimtes” en “ruimte-oorloë” – sodoende projekteer hul hulself in onwerklike wêreld en situasies in waar hulle nie betrokke raak

met normale situasies en ordentlike standaarde van gedrag nie. Dit *verdraai* natuurlik hul vermoë om logies en rasoneel te dink – dit verhoed hulle beslis om *geestelik* te dink, volgens God se Woord.

Die Ewige God beveel ons: “Begeef julle nie tot die geeste van afgestorwenes en die geeste wat waarsê nie. Soek hulle nie om julle deur hulle te verontreinig nie. Ek is die HERE julle God” (Levitikus 19:31). God se woord gaan voort: “En as 'n persoon hom begewe tot die geeste van afgestorwenes en die geeste wat waarsê om agter hulle aan te hoereer, sal Ek my aangesig teen dié persoon rig en hom uitroei onder sy volk uit. Toon dan dat julle heilig is en wees heilig, want Ek is die HERE julle God” (Levitikus 20:6-7).

Die idee om met “geeste” om te gaan, lyk vir party mense baie opwindend. Dit is dus geen verrassing dat baie rolprente en TV-programme daaraan gewy word om menslike kontak met die geesteswêreld uit te beeld as opwindend, boeiend en selfs *nuttig nie!* Waartoe lei dit egter? Dit behels om verwarde mense in verhoudings met *bose geeste* te bring – wat sal probeer om diegene wat met hulle kontak het, te verlei en uiteindelik te *vernietig!*

Al te dikwels *verwar* moderne sielkundiges en ander mense demoniese bedrywighede met geestelike en fisiese siektes soos skisofrenie. Nogtans erken baie boeke oor sielkunde dat skisofrenie 'n “alles-omvattende” term is wat

psigiaters gewoonlik gebruik om alle vorme van ongewone geesteslike en emosionele afwykings te beskryf wat hulle en andere dikwels nie regtig verstaan nie. Om eerlik te wees, hulle *kan nie* hierdie sake van die gees verstaan nie, omdat sodanige begrip geopenbaar word deur die Almagtige God – Wie hulle basies **verwerp** en weier om na te luister!

Hoe werk demone met ontstelde en verwarde menslike denke? Die *Charlotte Observer* het 'n artikel geplaas waarin 'n situasie beskryf word wat beslis klink of dit ooreenkom – heel moontlik ook kan wees – met 'n voorbeeld van demoniese invloed op 'n man wat sy werk verloor en in diep mismoedigheid selfmoord oorweeg het. “Die werk was verlore, die geweer was gelaai, 'n stem het gesê: 'Jy is 'n mislukking, gee nou moed op, doen dit nou'. Dit was 'n opdrag, nie 'n voorstel nie, wat op daardie oomblik saak gemaak het – op 'n wintersaand in 2000 – dit het nie gegaan oor waar die stem vandaan gekom het nie, maar hoe selfversekerd, hoe oorredend, dit was” (7 Augustus 2011).

Let op hoe 'n *baie oorredende* stem in hierdie man se gedagtes gekom het en aan hom gesê het “doen dit nou” terwyl hy die gelaaide geweer in sy hand gehou het. Dit klink baie soos die oorredende stem wat Jesus byna twee duisend jaar gelede gehoor het toe gesê is vanaf die toppunt van die tempel: “As U die Seun van God is, werp Uself af; want daar is geskrywe: Hy sal

sy engele bevel gee aangaande U, en hulle sal U op die hande dra, sodat U nie miskien u voet teen 'n klip stamp nie” (Mattheüs 4:6). Hierdie stem het Hom verseker dat Hy nie sou seer kry nie.

Toenemend meer “stemme” word waarlik regdeur ons land gehoor om verwarde mense te beïnvloed – meer sterk “drange” wat mense uitlok om gewelddadige dinge te doen, selfs om hulself en ander mense dood te maak. Vir u wat egter die *Wêreld van Môre*-tydskrif lees, *hoef dit nie so te wees nie!*

Satan die duiwel probeer sekerlik op enige moontlike manier wat hy maar kan, om mense heeltemal te *ontmoedig* en hulle weg te lok van die Skepper God af. Hy mag hulle uitlok om in valse, denkbeeldige wêrelde te lewe wat hul hele denkproses verwar en selfs hul konsep van die lewe self. Hy mag hulle verlei deur die idee van geweld in hul gedagtes te plaas, soms gekoppel aan verdorwe seksuele aktiwiteite of ander dade wat uiteindelik hul lewens op baie maniere *vernietig*. Satan – die *opperste vyand* van die mensdom – wil beslis alle menslike lewe *vernietig* (Mattheüs 24:21-22).

Die enigste ware antwoord

Die oopmaak van u koerant of die aanskakeling van u televisie kan u al talle voorbeelde gee van wat ek besig is om te beskryf. U kan dalk 'n man vind wat homself identifiseer met die strokiesprent “*Joker*” se karakter en dan werklik geweld pleeg wat mense

doodmaak en gesinne vernietig. Of u mag 'n man sien wat hom verbeel hy kan 'n fantasie-lewe hê as hy maar net sy vrou sou doodmaak. Sataniese geweld is 'n werklikheid, dit is wydverspreid.

U hoef egter nie daardeur geraak te word nie, indien u staatmaak op die hulpmiddels wat God gegee het aan diegene wat bereid is om dit te gebruik. Ek sal nou aan u vier “sleutels” gee om hierdie demone en Satan self, teen te staan namate Satan se oorlog teen die mensdom al hoe kragtiger word. Alhoewel hierdie vier sleutels dalk **eenvoudig** of selfs voor-die-hand-liggend kan lyk, mag God u help om **hulle** werklik te **gebruik** in u eie lewe! Indien u dit doen, sal hulle beslis vir u 'n beskermende verskansing wees wat Satan die duiwel en sy demone daarvan sal **weerhou** om beheer te neem oor u gedagtes en u weg te lei van alles wat goed, heilsaam en reg is.

Die **eerste sleutel** is om 'n sterk verhouding op te bou met die Skepper-God, die *God van die Bybel*. Leer om God te “soek” deur opregte **bestudering** van die Bybel, wat Sy openbaring aan die mensdom is. Ek stel voor u begin u studie met die boek van Mattheüs en lees dan deur die Nuwe Testament. Dit sou goed wees om, na die lees van die Evangelies, die boek Handelingte te lees en dan te gaan na die “*Algemene Sendbriewe*” soos Jakobus, 1 en 2 Petrus, 1, 2 en 3 Johannes en Judas. Hierdie boeke is geskryf

deur diegene wat *werklik saam met* Jesus Christus in die vlees gewerk het vir drie volle jare, of wat grootgeword het met Hom as Sy fisiese *broer!* Diegene van u wat vertrou is met die oorspronklike volgorde van die boeke in die Nuwe Testament (vir meer inligting hieroor, skryf gerus vir ons gratis boekie: *Die Bybel: Feit of Fiksie?*) sal verstaan dat hierdie “algemene” sendbriewe eintlik *voor* die briewe van Paulus geplaas was, om goeie redes. *Bestudeer hulle* en hulle sal u 'n goeie grondslag gee vir 'n Christelike lewe en geestelike **krag** om Satan en sy demone te weerstaan.

Wanneer u studeer, lees voorbeelde van gebed in die Bybel – veral die “Onse Vader” in Mattheüs 6 wat 'n *gebeds-raamwerk* gee wat as model behoort te dien vir al ons gebede. Leer ook om *uit die hart* met God te praat – u behoort **nie** die woorde uit u geheue soos 'n papegaai te herhaal nie. Leer om goed na te dink oor wat u in die Bybel lees, *mediteer* oor wat God aan u sê in Sy geïnspireerde Woord en aangaande die *betekenis van die lewe* uit die oogpunt van u Skepper Self. Vra God om u te help *dink* soos Hy *dink* en om die “gees van Christus” te hê (Filippense 2:5). U behoort nie die Ou Testament te verwaarloos nie – die enigste Skrif wat beskikbaar was tydens Jesus se tyd en waaruit Hy en Sy apostels gereeld gepreek het!

Rig u lewe so in dat u saam met ander mense omgaan wat *die Bybel ernstig opneem*. Leer om u tyd te spandeer saam met

goeie en opbouende mense – **nie** snaakse of verwarde mense nie. Negatiewe en goddelose mense *sal u egter aftrek*, tensy u 'n sterk geestelike karakter ontwikkel het. Die Bybel sê aan ons: “Gaan met die wyse om, dan word jy wys; maar hy wat met dwase verkeer, versleg” (Spreuke 13:20). Leer dus om u vriende versigtig te kies en laat uself beïnvloed word deur mense wat skoon, opbouend en *positief* is in hul uitkyk op die lewe en nie geneig sal wees om u afte treknie.

Die **tweede sleutel** is om *bewus* te word van Satan en die geesteswêreld uit die oogpunt van God en Sy woord. U behoort uself **nie** te verdiep in die geesteswêreld deur Satan se eie propaganda, of boeke en rolprente oor demonisme of omgang met “mediums” of “spiritiste” en ander mense wat betrokke is in die okkulte nie. Satan is mos 'n *baie kragtige* en oorredende valse engel en hy was in staat om ons eerste ouers, Adam en Eva, te verlei.

Wanneer u egter oor Satan leer deur die oë van God se Woord, toon die Bybel duidelik dat hy en sy demone u **nie kan** doodmaak of **dwing** om **enigiets** te doen, tensy u self daarmee “saamgaan” en dit moontlik maak nie. Die Ewige God beveel ons derhalwe in Sy geopenbaarde Woord: “Onderwerp julle dan aan God; **weerstaan die duiwel**, en hy sal van julle wegvlug. Nader tot God, en Hy sal tot julle nader. Reinig die hande, julle sondaars, en suiwer die harte, julle

dubbelhartiges!” (Jakobus 4:7-8).

Ons word dus direk deur ons Skepper beveel om **nie** “rond te mors” met Satan en sy demone nie. Ons moet Satan **weerstaan** en ons liever “tot God nader”. Soos ons verduidelik het, ons “nader tot God” deur diep en ernstige **bestudering** van Sy geopenbaarde Woord – die Heilige Bybel – dan ook te *mediteer* oor daardie Woord en daarna *vurig* tot God *te bid* om Hom te vra vir Sy wysheid, Sy leiding, Sy ingryping en Sy verlossing van Satan en alle bose dinge.

Die **derde sleutel** is om 'n **strategie** te ontwikkel om Satan en sy demone te *weerstaan*. Deur 'n sterk verhouding met God te bou, soos hierbo beskryf, is u goed op pad! Ten einde Satan werklik te kan weerstaan, behoort u *spesifieke strategieë* te ontwikkel wat u denke, u lewe en die manier waarop u dink sal beïnvloed!

Een belangrike deel van enige suksesvolle strategie is om seker te maak dat enige **kontak** met Satan en sy demone vermy word. Wees versigtig na watter soort rolprente of TV-programme u kyk, watter soort video-speletjies u speel en watter webwerwe u besoek. Baie misleidende (selfs doelbewus bose) aanbiedings plaas 'n heeltemal *verkeerde opvatting* van die lewe – op wat goed en waar is en beslis op die regte benadering tot die bese geesteswêreld wat rondom ons teenwoordig is, in u denke. Satan is in staat om ontelbare

miljoene mense te *verwar* en hul aandag af te trek van die belangrike kwessies van die lewe, deur hul “te trakteeer” met leë en bouse voorstellings deur middel van die televisie en ander media. Satan en sy demone is gretig om ons tyd in beslag te neem soveel as wat hulle kan. Hulle weerhou ons daarvan om te dink en tyd te spandeer aan intense **bestudering** van die openbaring van ons Skepper en die dinge wat regtig saak maak.

Nog 'n deel van 'n suksesvolle strategie is om seker te maak dat ons tussen *positiewe* mense is – daardie mense wat wys is en hul aandag toespits op God se wil eerder as op dwase onsin en verdraaide idees. Maak ook seker dat u gereeld na buite gaan, om die sonskyn in te drink en vars lug in te asem! Kyk op na die maan en die sterre en besef dat die **Skepper** hierdie hemelse liggame gemaak het. Doen *energieke oefening* – indien u daartoe in staat is – ondervind die emosionele “opheffing” wanneer die endorfiene inskop en u help om beter te voel oor uself en u lewe. Lei u denke om aan positiewe onderwerpe te dink, eerder as om u verstandelike prosesse te laat “dwaal” na mismoedigheid, swartgalligheid, selfbejammering of verbittering. Soos God aan ons sê: “Verder ... alles wat waar is, alles wat eerbaar is, alles wat regverdig is, alles wat rein is, alles wat lieflik is, alles wat loflik is – watter deug en watter lof daar ook mag wees, bedink dit” (Filippense 4:8). Ja, *dít* is die onderwerpe om oor te **mediteer**: “En die vrede van

God, wat alle verstand te bowe gaan, sal julle harte en julle sinne bewaar in Christus Jesus” (vers 7).

Die **vierde en finale sleutel** is om te besef dat u in 'n **geestelike oorlog** teen een van die magtigste geestelike wesens in die heelal gewikkel is. Slegs God die Vader en Jesus Christus is magtiger. Dit is deur die krag van die Vader en Christus – *Hulle krag* – dat u krag kan hê om Satan en sy demone te oorwin! U hoef nie toe te gee aan die verwarrende, ontmoedigende en lewe-verswelgende gesindhede wat Satan en sy demone voortdurend verkondig nie. Met die hulp van die Heilige Gees moet u hierdie oorlog **veg** asof u lewe daarvan afhang! Dit hang inderdaad daarvan af.

Die apostel Paulus is geïnspireer om aan ons te sê, toe hy hierdie oorlog beskryf het: “... want die wapens van ons stryd is nie vleeslik nie, maar kragtig deur God om vestings neer te werp, terwyl ons planne verbreek en elke skans wat opgewerp word teen die kennis van God, en elke gedagte gevange neem tot die gehoorsaamheid aan Christus” (2 Korintiërs 10:4-5).

Ons het inderdaad God se hulp nodig om ontslae te raak van verkeerde gedagtes en vleeslike drange – dikwels direk in ons gedagtes geplaas deur Satan en sy demone, wanneer ons hulle toelaat om dit te doen. In stede daarvan om toe te gee aan demoniese invloede, behoort ons voortdurend daaraan te werk “en elke gedagte gevange neem tot die

gehoorsaamheid aan Christus”. Ons moet tot God *uitroep* en Christus vra om *Sy lewe binne-in ons te leef deur die Heilige Gees* (Galasiërs 2:20).

Een van Satan se gunsteling strategieë is om geestelike waarhede te verdraai en hulle aan te wend vir sy eie doeleindes. Baie van u mag die *Star Wars* rolprente onthou waarin die karakters dikwels gepraat het van “die krag”. Die bemoedigende waarheid is dat ons as Christene die opperste “krag” in die heelal het wat vir ons werk, *indien* ons ons onderwerp aan God en daardie krag met ons hele wese gebruik!

Ons behoort dus bewus te wees van die **krag** wat beskikbaar is deur middel van 'n **werklik** noue verhouding met die Skepper-God – die God van die Bybel – deur Sy Heilige Gees binne-in ons. God **sal** ons help as ons vra en probeer om aan Hom gehoorsaam te wees. Hy sal ons **red** van bouse gedagtes en drange in ons gedagtes wat daar geplaas word deur gevalle engele, wat waarlik daarop uit is om ons te laat val en te vernietig. God het aangebied om aan ons die hulpmiddels te gee om die geestelike stryd wat voorlê, heeltmaal te **wen**. Mag God dus elkeen van ons help en inspireer om hierdie vier sleutels te **gebruik** as 'n basis om die allergrootste stryd te wen – om uiteindelik lede van die Koninkryk van God te word, die bereiking van die wonderlike **doel** waarvoor aan ons lewe en asem gegee is! **WvM**

Onnatuurlike rampe

Deur Dexter B. Wakefield

Invalle uit die ruimte! Aardbewings! Tsunamies! Welkom by die rolprente ... en by u toekoms?

Een van die mees suksesvolste rolprent genres in die laaste drie dekades was die “ramp-rolprente”. Spesiale digitale effekte maak dit moontlik om tonele van rampe baie meer realisties uit te beeld as ooit tevore. In opwindende volgorde word stede vernietig of mense kom tegnologieë meer gevorderde wesens teë wat daarop uit is om die aarde te verower. Alles lyk so *werklik*. Trouens, die tonele en karakters lyk so realisties en boeiend op die skerm dat mense hul maklik kan voorstel sulke dinge gebeur werklik.

Hoe sou u egter reageer indien 'n betroubare gesag aan u sou vertel dat daar 'n dreigende inval van nie-mense aan die kom is om oor die aarde te regeer? Sal u help om teen hulle te veg? Die karakters in die rolprente weerstaan mos **altdy** die invallers uit die ruimte ... en u wil sekerlik tog aan die kant van die helde wees.

Die idee van “invallers uit die ruimte” word ernstig opgeneem deur sommige vooraanstaande wetenskaplikes. Oorweeg die volgende: “Die Britse fisikus, Stephen Hawking, sê daar is ruimtewesens in die ruimte, maar dit mag te gevaarlik wees vir mense om interaksie te hê met buite-aardse lewe. Hawking beweer in 'n nuwe dokumentêr ... dat intelligente uitheemse lewensvorme byna verseker

bestaan, maar waarsku dat kommunikasie met hulle 'te riskant' kan wees. 'Ons kan maar net na onself kyk om te sien hoe intelligent lewe kan ontwikkel in iets wat ons nie graag sou wou ontmoet nie', het Hawking gesê. 'Ek vermoed dat hulle moontlik in massiewe skepe leef ... nadat hulle al die hulpbronne van hul tuis-planeet opgebruik het. Sulke gevorderde ruimtewesens kon miskien nomades geword het, op die uitkyk vir watter planeete hulle kan bereik om te oorwin en te koloniseer” (*Hawking: Aliens may pose risks to Earth*”, MSNBC, 25 April 2010).

Interessant genoeg, 'n soortgelyke rolprent-komplot het afgespeel in die suksesvolle rolprent “*Independence Day*” wat in 1996 vrygestel is, *lank voor* Professor Hawking se 2010 kommentaar. In daardie rolprent was ruimte-invallers met gevorderde tegnologie daarop uit om menslike lewe te vernietig, ten einde die aarde se hulpbronne te ontgin.

'n Boek van wetenskap?

Is die Bybel net 'n versameling van antieke literêre werke? Behoort dit vertrou te word as 'n wetenskaplike boek? Sou u verwag dat die Bybel inligting bevat aangaande 'n komende inval uit die ruimte? Is dit 'n boek van literatuur, wetenskap, of fiksie?

Hierdie vrae bied vals

keuses. 'n Beter vraag sou wees: “Is die Bybel 'n *boek van geskiedenis*”? Dit is beslis. Die geskiedenis wat dit bevat word konsekwent deur moderne argeologie bevestig. Dit is ook onder andere 'n “handleiding” om 'n suksesvolle lewe te lei.

Op die koop toe, as geskiedenis, is die Bybel **uniek** in dié sin dat dit beide die *verlede* en die *toekomstige* geskiedenis bevat. “Profesie” is 'n ander naam vir daardie toekomstige geskiedenis. Die God van die Bybel sê aan ons: “*Ek is God, en daar is niemand soos Ek nie; wat van die begin af verkondig die einde*, en van die voortyd af wat nog nie gebeur het nie; wat sê: My raad sal bestaan, en al wat my behaag, sal Ek doen” (Jesaja 46:9-10). *Wat God aan ons sê oor toekomstige gebeure is so seker soos die geskiedenis wat reeds plaasgevind het.*

Hoe lyk vervulde profesie?

Vervulde profesie mag so dramaties wees soos 'n riller-rolprent. Dit mag selfs gesien word as roetine soos 'n storie in u oggend-koerant – behalwe dat die profesie duisende jare gelede gegee is. In een opsig is God 'n voortydige nuusleser. Byvoorbeeld, in 70 n.C. het Romeinse soldate die tempel in Jerusalem vernietig terwyl hul 'n Joodse rebellie onderdruk het. Die Jode was gou daarna versprei in wat dikwels die “Diaspora” genoem

word. Lank voor daardie tyd het God egter deur Sy profeet Sagaria voorspel dat die Joodse volk baie eeue later sou terugkeer uit 'n verstrooiing, as deel van 'n reeks geprofeteerde gebeure wat sal plaasvind net voor die wederkoms van die Messias. “Kyk, Ek maak Jerusalem vir al die volke rondom tot 'n *beker van bedwelming*, en ook teen Juda sal dit wees tydens die beleëring teen Jerusalem. En in dié dag maak Ek Jerusalem tot 'n *baie swaar klip vir al die volke*: elkeen wat dit optel, sal hom daarmee sekerlik seer maak; en al die nasies van die aarde sal daarteen vergader word ... In dié dag sal Ek die stamhoofde van Juda maak soos 'n pan met vuur onder 'n hoop hout en soos 'n *brandende fakkel* onder gerwe – hulle sal regs en links al die volke rondom verteer; *maar Jerusalem sal nog bewoond wees* op sy plek in Jerusalem” (Sagaria 12:2-3, 6).

Trouens, na byna twee millennia van ballingskap, het afstammeling van die antieke koninkryk van Juda in 1948 hulself weer in hulle tuisland gevestig as die volk van Israel. Die omliggende Arabiese nasies, toegespits op die vernietiging van Israel, het onmiddellik aangeval, maar hulle is “verbrand” en teruggedryf. Gedurende 1967, is Jerusalem in die “Sesdaagse Oorlog” weer teruggeneem deur die Israeli's, sedert daardie tyd, is Jerusalem “'n baie swaar klip” en 'n hardnekkige politieke probleem vir alle nasies.

Daardie gebeure is nou geskiedenis, nogtans het die profeet Sagaria, dit duisende jare gelede aangeteken as “toekomstige geskiedenis”!

Watter ander bykomende “toekomstige geskiedenis” sal u as nuus sien in die nabye toekoms? Die *Wêreld van Môre* het lank reeds sommige van die belangrikste ontwikkelings wat ons kan verwag, geëien:

'n Tien-nasie “Verenigde State van Europa” sal gevorm word, onder leiding van Duitsland. Dit sal nie 'n sekulêre unie wees, soos die EU tans nie, maar sal gelei word deur 'n baie charismatiese godsdienstige leier en 'n kragtige politieke figuur. Die politieke leier sal nie sy mag deur geweld verkry nie; die tien nasies – of “konings” – sal dit aan hom **gee**, waarskynlik vir ekonomiese redes. Brittanje sal **nie** deel vorm van hierdie Unie nie.

Hierdie groot Europese leier sal 'n ooreenkoms aangaan met Israel wat, onder andere, die Jode sal toelaat om godsdienstige offers in Jerusalem te hervat.

'n Magtige Islamitiese leier sal opstaan en teen die Europese Moondheid “in botsing kom”. Dit sal lei tot 'n Europese inval in die Midde-Ooste, wat die Islamitiese mag sal verslaan. Dit sal ook die offers in Jerusalem beëindig (sien Daniel 11).

Die beëindiging van die offers in Jerusalem sal die begin wees van 'n tydperk van groot beproewing op die aarde, ook bekend as “Die Groot Verdrukking” (sien Mattheüs 24:15-22).

Vir baie waarnemers wat nie bewus is van Bybelprofesie nie, sal hierdie gebeure – so dramaties as wat hul ook al mag wees – “normaal” lyk in die moderne konteks, alhoewel hulle in werklikheid lank gelede voorspel is deur 'n God “wat van die begin af verkondig die einde, en van die voortyd af wat nog nie gebeur het nie” (Jesaja 46:10). God se plan vir die mensdom sal nie faal nie. Baie waarnemers sal egter verblind wees deur sekulêre aannames wat die moontlikheid uitsluit dat die Skepper werklik bestaan en dat Hy besig is om Sy plan uit te werk.

Die rolprente raak werklik

Afgesien van hierdie politieke en militêre ontwikkelings, sal ander besonderhede van ons “toekomstige geskiedenis” so dramaties wees dat hulle opvallend ooreen sal kom met die rampe wat in Hollywood se “ramp-rolprente” uitgebeeld word:

Aardbewings: Karakters in die gewilde film, 2012, wend pogings aan om te vlug vir die wêreldwye ramp, te weegbring deur astronomiese gebeure wat veranderings in die aarde se kors veroorsaak en wat lei tot groot aardbewings. Terwyl karakters nouliks aan die dood ontkom, gly Los Angeles, Kalifornië, die see in. Los Angeles was ook vernietig in die 1974 suksesstuk, “*Earthquake*”, asook in ander rolprente. Dit wil voorkom of Hollywood se vervaardigers besorg is oor die vernietiging van “LA”. In die rolprente veroorsaak die

aardbewings ook massiewe tsunami's wat stede wêreldwyd vernietig.

Studente van Bybelprofesie sal besef die Skrif beskryf groot aardbewings net voor die wederkoms van Christus. Die apostel Johannes het 'n merkwaardige visioen geboekstaaf waarin verskeie groot aardbewings genoem word. “En ek het gesien toe Hy die sesde seël oopgemaak het, en kyk, daar was 'n groot aardbewing ... en die hemel het weggewyk soos 'n boek wat toegerol word, en al die berge en eilande is uit hulle plekke versit; en die konings van die aarde en die grotes en die rykes en die owerstes oor duisend en die magtiges en al die slawe en al die vrymense het hulle weggesteek in die spelonke en in die rotse van die berge, en vir die berge en die rotse gesê: Val op ons en verberg ons vir die aangesig van Hom wat op die troon sit, en vir die toorn van die Lam; want die groot dag van sy toorn het gekom, en wie kan bestaan?” (Openbaring 6:12-17). Hierdie Skrifgedeelte alleen kon byna dien as die draaiboek vir 'n moderne ramp-rolprent.

Ander profetiese gedeeltes in die Skrif noem ook dat groot aardbewings voor die einde van hierdie tydvak sal realiseer. Die apostel Paulus verduidelik God se motivering hiervoor, dan haal hy aan uit Haggai 2:6: “... maar nou het Hy belowe en gesê: Nog een maal laat Ek nie alleen die aarde nie, maar ook die hemel bewe. En hierdie woord: nog een maal, wys duidelik op die

verandering van die wankelbare dinge as geskape dinge, sodat die onwankelbare kan bly” (Hebreërs 12:26-27).

Tsunami's: Gedurende die afgelope jare beeld baie gewilde rolprente soos *Poseidon*, *Tidal Wave* en *2012* groot verwoesting uit wat veroorsaak word deur enorme golwe van die see. Dit boots die Bybelse beskrywing na: “En daar sal tekens wees aan son en maan en sterre, en op die aarde benoudheid van nasies in hulle radeloosheid, wanneer see en branders dreun, en mense se harte beswyk van vrees en verwagting van die dinge wat oor die wêreld kom. Want die kragte van die hemele sal geskud word” (Lukas 21:25-26).

Asteroides en komete: Sommige ramp-rolprente – soos *Armageddon* en *Deep Impact* – beeld 'n asteroïed of komeet uit wat teen die aarde bots en groot skade veroorsaak. Die Bybel voorspel weereens 'n soortgelyke gebeurtenis: “... en 'n groot ster wat soos 'n fakkelland, het uit die hemel geval, en dit het geval op 'n derde van die riviere en op die waterfonteine. En die naam van die ster word genoem Alsem; en 'n derde van die waters het als geword, en baie mense het gesterwe van die water, omdat dit bitter geword het” (Openbaring 8:10-11). Wanneer hierdie dinge uiteindelik plaasvind, sal mense dit beskou as 'n natuurlike ramp, of sal hulle die Bybelse waarskuwing erken?

Siekte-epidemies:

Gedurende die afgelope jare is talle ramp-rolprente gebaseer rondom die tema van siekte-epidemies. Rolprente soos *Outbreak* en *Ebola Syndrome* boots die Skrif se waarskuwing na dat groot pandemiese siektes aan die einde van hierdie tydperk die aarde se bevolking sal verwoes. “Toe gaan die eerste een weg en gooi sy skaal op die aarde uit, en kwaai en bese swere het aan die mense gekom wat die merk van die dier gehad het en sy beeld aanbid het ... en hulle het die God van die hemel gelaster oor hulle pyne en oor hulle swere, en het hulle nie bekeer van hul werke nie” (Openbaring 16:2, 11). Let daarop dat in plaas daarvan om erkenning te gee aan God se waarskuwing en teregwyding, toon die Bybel dat baie mense God sal blameer vir hul siekte en hulle harte teen Hom verhard, in plaas van hulself te distansieer van hulle sondes. Hierdie verharding salaanleiding gee tot 'n finale geprofeteerde wêreldwye opstand teen God, 'n groot stryd tussen goed en kwaad tydens die wederkoms van Jesus Christus.

'n Bybelse ruimte-inval?

Invallers uit die ruimte: Een van Hollywood se heel gewildste rolprentgenres is dié van invallers vanuit die buitenste ruim. Die ruimtewesens kan oulik wees soos in *ET: The Extra-Terrestrial*, of welwillend soos in *Close Encounters of the Third Kind*. Hulle mag selfs skrikwekkende wesens wees wat daarop uit is om die

mensdom te vernietig, soos in *War of the Worlds*.

Eindtydse profesieë in die Bybel beskryf 'n buitengewone gebeurtenis waar 'n heerser met groot mag en heerlikheid uit die wolke sal neerdaal om 'n koninkryk op die aarde te vestig. “En dan sal die teken van die Seun van die mens in die hemel verskyn, en dan sal al die stamme van die aarde rou bedryf en die Seun van die mens sien kom *op die wolke van die hemel met groot krag en heerlikheid*” (Mattheüs 24:30).

Let daarop dat hierdie merkwaardige profesie, deur Jesus Self gegee, verklaar “*al die stamme van die aarde [sal] rou bedryf*” ten aanskoue van Christus se koms. Sal die mense hierdie dramatiese gebeure sien as goddelik vervulde profesie – of as natuurlike gebeure wat hulle alreeds, op die een of ander wyse, baie realisties uitgebeeld gesien het in een of andere van die rolprente? Sal hulle Christus sien as 'n Verlosser of as 'n indringer? Die Bybel dui op laasgenoemde.

Die apostel Paulus waarsku Christene dat 'n tyd van groot misleiding op die aarde sal kom: “Laat niemand julle op enige manier mislei nie, want eers moet die afval kom en die mens van sonde geopenbaar word, die seun van die verderf, die teëstander wat hom verhef bo al wat God genoem word of voorwerp van aanbidding is, sodat hy in die tempel van God as God sal sit en voorgee dat hy God is” (2 Thessalonicense 2:3-4).

Paulus herinner dan die broeders in Thessalonika aan die profesieë wat hy met hulle gedeel het. “Onthou julle nie dat ek dit altyd vir julle gesê het toe ek nog by julle was nie? En nou, julle weet wat hom teëhou, sodat hy op sy tyd geopenbaar kan word. Want die verborgenheid van die ongeregtheid is al aan die werk, net totdat hy wat nou teëhou, uit die weg geruim is; en dan sal die ongeregte geopenbaar word, hy wat die Here met die asem van sy mond sal verdelg en deur die verskyning van sy wederkoms tot nietsal maak, hy wie se koms is volgens die werking van die Satan met allerhande kragtige dae en tekens en *wonders van die leuen en met allerhande verleiding van ongeregtheid* in die wat verlore gaan, omdat hulle die liefde tot die waarheid nie aangeneem het om gered te word nie. En daarom sal God hulle die *krag van die dwaling stuur, om die leuen te glo*, sodat almal geoordeel kan word wat die waarheid nie geglo het nie, maar behae gehad het in die ongeregtheid” (verse 5-12).

Die ware Armageddon

Die Bybel voorspel dat Juda – die moderne nasie van Israel – weer diere-offers sal instel, maar dat dié offers gestop sal word deur 'n onregverdige koning wat Jerusalem sal beset. Dit sal plaasvind as deel van 'n inval in die Midde-Ooste deur 'n groot Europese “koning van die Noorde”. Die einde van die offers sal 'n reeks rampspoedige gebeure oor 'n tydperk van drie-

en-'n-half jaar begin, wat 'n hoogtepunt sal bereik wat baie mense op die aarde sal glo, 'n inval is deur 'n vyandige ruimtewese en sy leërs. Daardie “inval” sal egter in werklikheid die lankverwagte wederkoms van die Messias, Jesus Christus – die Koning van die konings wees!

“En hulle het hul *versamel* op die plek wat in Hebreeus genoem word *Armageddon*” (Openbaring 16:16). Die woord “Armageddon” is afgelei van 'n plek omtrent 80 km noord van Jerusalem, wat “Har Megiddo” of die berg Megiddo, genoem word. Dit is geleë aangrensend aan die rant van die dal van Jisreël, waar genoeg ruimte is vir groot leërs om *byeen te kom*. Dit sit wydsbeen oor die noordelike invalstroete in Israel. Dit was in antieke tye die toneel van verskeie gevegte. Let daarop dat die leërs slegs *versamel word* by Armageddon. Die werklike naam van die geveg is “*die oorlog van daardie groot dag van die almagtige God*” en dit sal plaasvind op 'n ander plek – die dal van Jósafat (Joël 3:1-2) – wat die Kidronvallei is in Jerusalem. Die Kidronvallei is geleë tussen die Tempelberg en die Olyfberg.

Dit is ondenkbaar, maar die nasies van die aarde – in 'n toestand van “uiterste dwaling” – sal uittrek om teen Christus te veg met Sy wederkoms – *net soos wat hulle sou veg teen 'n uitheemse vyand*. “En die HERE sal uittrek en *stryd voer teen dié nasies* soos op die dag van sy stryd, die dag van oorlog. En in

dié dag sal sy voete staan op die Olyfberg wat voor Jerusalem lê, aan die oostekant” (Sagaria 14:3-4). In die rolprente verslaan die held altyd die invallende vreemdelinge – maar hierdie stryd is nie 'n draaiboek vir 'n rolprent nie. Hulle sal teen Jesus Christus veg, aan wie “alle mag in die hemel en op aarde” gegee is (Mattheüs 28:18) en die klimaks van die storie is dat die

nasies se leërs uitgewis sal word (Sagaria 14:12)!

Geloof op aarde?

God sê aan ons dat Hy “die aarde sal skud” om die wêreld se aandag te verkry. Sal 'n wêreld in geestelike duisternis egter in staat wees om te besef wat werklik besig is om te gebeur? Slegs diegene wat gewillig is om na hierdie dramatiese gebeure

deur die oë van geloof te kyk, sal sien. Indien ons onself toelaat om ingelig te word deur geloof, dan sal ons glo wat God deur Sy profete sê. Indien nie, sal slegs misleiding in daardie dae oorbly. Op die ou end sal dit 'n keuse wees tussen die vlees en die Gees. Jesus het gevra, “*maar as die Seun van die mens kom, sal Hy wel die geloof op die aarde vind?*” (Lukas 18:8). **WvM**

Verwittig ons asseblief onmiddellik van enige verandering in u posadres.

Wie beheer die weer?

Is “natuurrampe” die onpersoonlike werking van “Moeder Natuur”, of is dit 'n LEWENSBELANGRIKE boodskap van God?

Sodanige natuurrampe word soms 'n natuurkrag genoem, so bestier deur God.

Wat is egter Sy EINTLIKE rol in droogtes, hongersnode, vloede en aardbewings wat ons wêreld tref?

Wat sê die Bybel oor sulke natuurrampe in die eindtyd?

Hoe kan Christene hulle hierop voorberei?

Skryf in of skakel ons gerus vandag nog om u eie gratis kopie van hierdie insiggewende boekie te ontvang!

Môre se Jeug

Let op u gedagtes!

Deur Jonathan McNair

Hoe wil u onthou word? Wat wil u hê moet u reputasie wees? Terwyl hul suigeling is, dink mense net aan hul eie begeertes en behoeftes. Namate ons aanbeweeg na die tienerjare en daarna, raak ons meer bekommerd oor wat ander mense van ons dink en dit is ook reg. Ons lees: “Die seun laat hom alreeds aan sy handelinge ken, of sy handelwyse suiwer en of dit reg is” (Spreuke 20:11).

Reputasie word egter nie deur 'n towerslag gebou nie. Inteendeel, dit word vasgestel deur **ons dade en ons woorde**. Die besluite wat ons neem – afhange van wat ons doen en waarvoor ons lag, hoe ons ons tyd deurbring en met wie ons dit deurbring – weerspieël alles wie ons is. Wat bepaal daardie besluite? Hoe word hulle gemaak? Het ons enige beheer daarvoor?

Hoe neem mens 'n besluit?

U het gehoor mense sê: “Neem 'n besluit”. U mag selfs soms probeer om “iemand van gedagte te laat verander”. Hoe verander mens dus van gedagte en hoe word dit in die eerste plek “gevorm”? Daar is drie basiese boustene. Die eerste is *kennis*, die tweede is *ervaring* en die derde bestaan uit ons *emosies* of *gevoelens*.

Namate ons liggame die kinderskoene ontgroe, word

ons op meer maniere as net die fisiese verander. Terwyl ons begin om te kruip, te loop en dan te hardloop, is ons gedagtes ook besig om te verander. Ons leer aangaande die wêreld rondom ons, hoe ons daar inpas. Terwyl ons grootword, beïnvloed die mense rondom ons hoe ons gedagtegang “gevorm” word. Ons ouers vertel aan ons die lug is blou en gras is groen. In ons gedagtes word die konsep van kleur gevorm.

Ouers wat hul God-gegewe pligte nakom, neem 'n leidende rol in hierdie groeiproses. God beveel hulle hoe om dit te doen: “Oefen die seun volgens die eis van sy weg; dan sal hy, ook as hy oud word, daar nie van afwyk nie” (Spreuke 22:6). Ouers behoort hul kinders te lei hoe om reg te dink, deur aan hulle die beginsels van die lewe te leer. God het ook antieke Israel beveel om Sy weë aan hulle kinders te leer: “... en jy moet dit jou **kinders inskerp** en daarvoor spreek as jy in jou huis sit en as jy op pad is en as jy gaan lê en as jy opstaan” (Deuteronomium 6:7).

Ouers is egter nie die enigste mense wat ons gedagtegang beïnvloed nie. Van ons vroegste kinderjare af word ons ook geleer deur vriende en speelmaats, onderwysers en die media. Ons stoor die *kennis* wat ons uit hierdie verskillende

bronne versamel en gebruik dit om idees en indrukke te vorm om die wêreld om ons te verstaan. Daarby *ervaar* ons die lewe self. Ons vergelyk wat ons gehoor en gelees het met wat ons eerstehands ontdek het, deur oorsaak en gevolg. Ons eet 'n suurlemoen en leer wat “suur” beteken. Van daardie stadium af, verstaan ons hoe iets wat “suur” is, sal smaak. Miskien sê 'n ouer: “Moenie aan die stoof raak nie, dit is warm”! Ons hoor die woorde, maar as ons verplig voel om in elk geval te eksperimenteer, sal die ervaring om aan 'n warm stoof te raak, van daardie dag af in ons gedagtes ingebrand wees!

Ons gedagtes word ook gevorm deur ons *emosies*. God het in ons menslike denke die vermoë geplaas om 'n verskeidenheid van emosies te ervaar wat ons denke beïnvloed. Ons leer hoe dit voel om opgewonde, gefrustreerd, gelukkig en kwaad te wees. Ons leer om dit te geniet wanneer ons smaakknoppies geprikkel word deur roomys. Ons leer van kwaad wanneer 'n speelmaat 'n speelding van ons af wegneem. Ons leer van hartseer wanneer ons weggaan van ons vriende. Al hierdie emosies – hoe ons dit in die daaglikse lewe beoefen – het 'n geweldige invloed op ons geestelike ontwikkeling.

Ons gedagtegang en ons keuses

Namate ons ontwikkel van kinderjare na volwassenheid, begin ons om meer onafhanklik te word. Ons begin om vir onself te dink en om self besluite te neem. Ons besluit wat om in die oggend te dra, hoe ons ons vrye tyd gaan bestee en met watter vriende ons tyd gaan spandeer. Daardie besluite weerspieël ons vermoë om feite, ervaring en selfs emosies uit die verlede in huidige situasies toe te pas. Dit is wat "om vir onself te dink" eintlik beteken. Namate ons *goeie oordeel uitoefen*, kry ons ouers meer vertrouwe in ons, hulle voel in staat om aan ons meer onafhanklikheid en verantwoordelikheid te gee. Uiteindelik is die rol van ouers nie slegs om gehoorsaamheid aan hulle reëls af te dwing nie, maar om in hulle kinders die denke en karakter te ontwikkel om die *gees* van daardie reëls toe te pas op nuwe en in verskillende situasies. Wanneer jong mense hul groeiende vermoë om besluitneming beoefen, word die dinge wat hulle doen, die woorde wat hulle spreek en die vriende wat hulle maak, weliswaar in die patroon van hul groeiende denke weerspieël. Namate ons grootword, sal ons natuurlik verkies om in eensgesindheid te leef met ander mense wat soos ons dink. Soos die profeet Amos skryf: "Sal twee met mekaar wandel tensy hulle *eers* afgespreek het?" (Amos 3:3).

Uiteindelik, wanneer ons die

volwasse lewe betree, begin ons om uitdagings in die gesig te staar wat groter is as die besluit oor watter klere om te dra, of wat om te doen met ons vrye tyd. Ons moet besluite neem soos wat om te doen aangaande verdere opleiding, 'n loopbaan en huwelik. Ons moet besluit aangaande ons fundamentele geloof in God, ons worsteling met vrae oor ons Skepper en ons uiteindelige lotsbestemming trots. Ons moet besluit aangaande hoe ons God se wet gaan gehoorsaam en hoe om dit in ons daaglikse lewe toe te pas. Ons kom te staan voor die vraag of ons 'n permanente verbintenis met God moet maak deur gedoop te word. Dit lyk of ons eendag opkyk van ons daaglikse bedrywighede en te staan kom voor 'n oorweldigende verskeidenheid uitdagings en keuses. Hoe ons hierdie keuses gaan *hanteer* weerspieël uiteindelik die stand van ons gedagtes.

Die gedagtegang van God

Indien u worstel met hierdie besluite, maar tog begeer om God te dien met begrip, dan mag God u moontlik roep. Diegene wat deur God geroep word, kom tot die besef dat hul denke, op hul eie, nie heeltemal opgewasse is om die uitdagings van die lewe te hanteer nie. Vanaf die verhaal van Adam en Eva en wat daarop volg, het die mensdom se geskiedenis getoon dat die menslike verstand nie opgewasse is vir die uitdaging om vrede en

voorspoed op aarde te vestig nie. Dit is eintlik in stryd met God. Ons kan as mense baie van die eenvoudige fisiese beslissings wat nodig is om te maak hanteer maar vir die grootste uitdagings het ons sonder twyfel die denke van God nodig. Die denke van God bring liefde, blydschap, vrede, lankmoedigheid, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid en selfbeheersing (Galasiërs 5:22). Dit is al die eienskappe wat ware geluk en tevredenheid in die lewe bring. Dit is egter die eienskappe van gedagtes wat in harmonie is met die denke van God. Indien ons as 'n jong persoon ons denke in harmonie met God kan ontwikkel, sal ons 'n manier van dink ingeprent hê wat sal lei tot *goeie* besluite en 'n *goeie* lewe.

Wie u is en wat u doen, is 'n direkte gevolg van wat u in u gedagtes toelaat. Watter kennis, ervarings en emosies vul u gedagtes? Lees u en dink u na oor God se woord en God se weë? Neem u besluite wat u toelaat om die vrugte te pluk van 'n lewe volgens God se manier? Vra u God om u te lei deur Sy Gees wat by u is en om emosies te hê wat deur God gelei word, of is u soos 'n marionet aan 'n toutjie van die natuurlike menslike emosies wat deur u denke vloei?

Maak 'n keuse. Aanvaar die denke van God om u te help om 'n wyse en vrugbare manier van dink en voel in u te vestig. *Let op u gedagtes.* **WvM**

Ware Christelike sukses

Deur Richard F. Ames

Is u op soek na rykdom, mag en plesier? Behoort u na iets meer te soek?

Is u suksesvol? Het u 'n groot huis? 'n Mooi motor – of twee? Het u beleggings herstel van die ekonomiese afswaai wat in 2008 begin het? Het u genoeg geld vir aftrede?

Dit is 'n paar van die algemene doelwitte en maatstawwe van sukses. Ander omskryf sukses as die aantal vriende, of die invloed wat hulle het oor ander mense. Vir sommige mense is om “goed te voel” die maatstaf van sukses – of daardie doel bereik is op natuurlike en wettige wyse, of op onwettige en onnatuurlike middele en praktyke.

Wat is dus *u* idee van sukses? U Bybel onthul die waarheid aangaande die drie algemene kriteria vir sukses – rykdom, status en sensuele plesier – dit toon hoe onvolledig die drie standaarde van sukses is.

Rykdom en besittings?

Carlos Helú is 'n Mexikaanse sakeman wie se netto waarde beraam word op byna \$70 biljoen (VSA), wat hom die rykste man in die wêreld vanaf laat 2012 maak. Is hy die wêreld se grootste sukses, meer as die Amerikaanse miljardêrs Bill Gates en Warren Buffett, Chinese miljardêrs Li Ka-shing en Lee Shau Kee, of Indiese miljardêrs Mukesh Ambani en Lakshmi Mittal? Is Australië se Georgina

Rinehart, met 'n rykdom wat op \$18 biljoen (VSA) beraam word, 'n bietjie meer suksesvol as Kanada se Thomson-familie, wie se rykdom, volgens gerugte, net meer as \$17 biljoen (VSA) is?

God wil beslis hê dat ons getroue rentmeesters moet wees. Hy wil hê ons moet ons natuurlike hulpbronne en ons God-gegewe talente gebruik om andere te help. Carlos Helú is beskryf as 'n “strategiese filantroop” wat miljarde dollars toewys aan liefdadigheid om onderwys en gesondheidsorg te ondersteun in sy geboorteland, Mexico. Bill Gates en Warren Buffett het groot gedeeltes van hulle rykdom gewy aan liefdadigheidsdoeleindes, in stede daarvan om dit op hulself en hul gesinne te spandeer. God verwag natuurlik van mans en vrouens om hul Godgegewe verantwoordelikhede teenoor hul gesinne na te kom, om te werk as hulle daartoe in staat is, om voorsiening te maak vir hul behoeftes. Die apostel Paulus gee hierdie raad: “Want ook toe ons by julle was, het ons julle dit altyd beveel: as iemand nie wil werk nie, moet hy ook nie eet nie. Want ons hoor dat sommige onder julle onordelik wandel, dat hulle nie werk nie, maar bemoeisiek is. Sulke mense beveel en vermaan ons deur onse Here Jesus Christus, om rustig te werk en hulle eie brood

te eet” (2 Thessalonicense 3:10-12).

Daar is egter veel meer verbonde aan sukses as blote finansiële voorspoed. Dit is bekend dat die olie-magnaat J. Paul Getty, vyf keer getroud en geskei, gesê het dat hy met plesier sy miljarde dollars aan rykdom sou verruil vir net een gelukkige huwelik. Hy het self geleer dat rykdom nie geluk kan koop nie – 'n les wat koning Salomo van ouds duisende jare vroeër ontdek het. Volgens 1 Konings 11:3, het Salomo 700 vroue en 300 byvroue gehad – maar het hy ware geluk bereik? Salomo skryf: “Ek het slawe en slavinne gekoop en ook dié verkry wat in my huis gebore is; ek het ook 'n groot besitting van beeste en kleinvee gehad, meer as almal wat voor my in Jerusalem gewees het. Ek het vir my ook silwer en goud versamel, en 'n eiendom van konings en provinsies; ek het vir my sangers en sangeresse verskaf en die genoeëns van die mensekinders: lieflinge in menigte. En ek het groot en altyd groter geword bo almal wat voor my in Jerusalem gewees het; ook het my wysheid by my gebly” (Prediker 2:7-9).

Salomo het daarna gestreef om “die lewe voluit” te ervaar. Wat was egter die gevolg van sy ervaring? “En alles wat my oë begeer het, het ek hulle nie ontsê nie; my hart het ek van geen

enkele vreugde teruggehou nie, want my hart het hom verheug vanweë al my moeitevolle arbeid, en dit was my deel van al my moeitevolle arbeid. Toe het ek gekyk na al my werke wat my hande tot stand gebring het, en al die moeitevolle arbeid wat ek verrig het – en kyk, dit was alles tevergeefs en 'n gejaag na wind, en daar was geen voordeel onder die son nie” (Prediker 2:10-11). Ja, alles was “'n gejaag na wind”.

Die wysste en rykste man van sy tyd het tot die gevolgtrekking gekom dat al sy plesier en rykdom “vergeefs [was] en 'n gejaag na wind”. Hy het besef dat menslike bedrywighede sonder God neerkom op ydelheid – beteken-loos en nutteloos.

Baie jare gelede het ek 'n vriend gehad wat as top-presteerder in sy klas gegradueer het met 'n ekonomiese graad aan 'n gesogte universiteit in die ooste van die Verenigde State van Amerika. Hy het 'n Corvette met afslaan besit en 'n lewe geniet, gevul met vroulike geselskap, goeie kos en die beste wyn. Tog het hy aan my bely dat iets ontbreek. Sy rykdom en suksesvolle besigheid het vir hom geen geluk gebring nie.

Ons behoort **almal** daardie fundamentele les van die lewe te leer. Jesus het Sy dissipels geleer van wat die gelykenis van die ryk dwaas genoem word – 'n les wat baie toepaslik is vir ons huidige tydperk. “'n Ryk man se grond het goed gedra. En hy het by homself geredeneer en gesê:

Wat sal ek doen, want ek het geen plek waar ek my oes kan insamel nie? Toe sê hy: Dit sal ek doen: ek sal my skure afbreek en groter bou, en ek sal daar al my opbrengste en my goed insamel. En ek sal vir my siel sê: Siel, jy het baie goed wat weggesit is vir baie jare; neem rus, eet, drink, wees vrolik” (Lukas 12:16-19).

Hierdie ryk man het sy vertroude gestel in die sekuriteit van sy besittings wat hom die lewe se plesier laat geniet het. Let op na die “wekroep” wat hy ontvang het: “Maar God het aan hom gesê: Jou dwaas, in hierdie nag sal hulle jou siel van jou afeis; en wat jy gereedgemaak het, wie s'h sal dit wees? So gaan dit met hom wat vir homself skatte vergader en nie ryk is in God nie” (Lukas 12:20-21). Ons moet almal voor die regterstoel van Christus verskyn (2 Korinthiërs 5:10; Romeine 14:10). Om u vertroude te stel in finansiële gewin lei op die ou end tot pyn, hartseer, afgodery en die dood. Soos Jesus gesê het: “Pas op en wees op julle hoede vir die hebsug, want iemand se lewe bestaan nie uit die oorfloed van sy besittings nie” (Lukas 12:15). Inteendeel, Christus was vol lof vir die arm weduwee wat twee geldstukkies gegee het. Hy het haar 'n meer vrygewige gewer genoem as die baie ryk mense wat opsigtelik aan die tempel gegee het (Markus 12:41-44).

Salomo het die bekende stelling gemaak: “... alles tevergeefs, dit is alles tevergeefs!” (Prediker 1:2). Die woord “nietigheid” of “tevergeefs” kom

omtrent 30 keer voor in die boek Prediker. Het u al ooit gevoel dat u lewe geen betekenis het nie? Salomo gaan voort: “Al die dinge is so vermoeiend, geen mens kan dit uitspreek nie; die oog kry nie genoeg van sien nie, en die oor word nie vol van hoor nie” (Prediker 1:8).

Is die mens weliswaar ooit tevrede? Kry hebsugtige mense ooit “genoeg”? In die konteks van Prediker beteken “nietigheid” en “tevergeefs” enigiets wat nie blywende waarde het nie! Rykdom, op sigself, gee nie waarde aan die lewe nie.

Status, mag en posisie?

Wêreldse wysheid propageer die idee dat mans en vroue daarna moet streef om tot die toppunt van die korporatiewe leer te klim ten koste van ander, maak nie saak wat hulle moet doen om daardie doel te bereik nie. Baie mense sien sukses in terme van die hoë posisie wat hulle kan bereik in besigheid of politiek – of eenvoudig in terme van die roem wat so 'n posisie bied.

Selfs die moeder van Jakobus en Johannes, twee van Jesus se dissipels, het Hom gevra om haar seuns hoë posisies te gee in Sy koninkryk. “Sy antwoord Hom: Sê dat hierdie twee seuns van my in u koninkryk mag sit, een aan u regter- en een aan u linkerhand. Maar Jesus antwoord en sê: Julle weet nie wat julle vra nie” (Mattheüs 20:21-22). Hy het verduidelik hierdie posisies is vir wie dit deur God die Vader berei is (vers 23).

Jesus openbaar toe 'n sleutel tot ware sukses: "Julle weet dat die owerstes van die nasies oor hulle heers en die groot manne oor hulle gesag uitoefen; maar só moet dit onder julle nie wees nie; maar elkeen wat onder julle groot wil word, moet julle dienaar wees. En elkeen wat onder julle die eerste wil word, moet julle dienskneeg wees; net soos die Seun van die mens nie gekom het om gedien te word nie, maar om te dien en sy lewe te gee as 'n losprys vir baie" (Mattheüs 20:25-28).

Wie sal die grootste wees? Die een wat in 'n hoë regeringspos is en oor ander heers? Nee! Die grootste is 'n ware dienaar – iemand wat werklik omgee vir ander en hul help! Let daarop dat die Seun van God, Jesus van Nasaret, klein kindertjies in Sy arms geneem het. Hy het neergebuk om die voete van Sy dissipels te was (Johannes 13). Jesus Christus het Sy lewe opgeoffer vir ons almal! "God bewys sy liefde tot ons daarin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was" (Romeine 5:8). Jesus se voorbeeld was een van diens, opoffering en liefde. "Want as ons, terwyl ons nog vyande was, met God versoen is deur die dood van sy Seun, veel meer sal ons deur sy lewe gered word nou dat ons versoen is" (Romeine 5:10).

Watter posisie ons ook al in hierdie lewe bekleed, dit sal nooit ware sukses bring nie, tensy ons dit gebruik in diens aan ander. Jesus het die beginsel van diens geleer: "Maar die grootste van

julle moet jul dienaar wees" (Mattheüs 23:11). Let ook op hierdie waarskuwing aan diegene wat die belangrikste sitplek wil opeis: "Wie homself verhoog, sal verneder word, en wie homself verneder, sal verhoog word" (vers 12). Een van die maatstawwe van ware sukses is die mate van diens wat iemand bereid is om te gee. Vals sukses hang af van die *ontvang*-beginsel – die standaard karaktertrek van die menslike natuur!

Om mens se intellektuele vaardigheid te ontwikkel – versameling van kennis – is 'n onvolledige maats taf van sukses. God wil hê dat ons ons verstand en intellek moet gebruik om *ware* waardes en *ware* kennis aan te leer. Tensy ons leer om ware nederigheid te beoefen, kan ons materiële kennis lei tot intellektuele ydelheid – 'n gevoel van meerderwaardigheid en selfs van arrogansie. "Die kennis maak opgeblase", soos die apostel Paulus skryf in 1 Korinthiërs 8:1. Deesdae volg honderde miljoene mense onderrig na wat God geheel en al ignoreer of verwerp. Hul kennis mag hulle tot nut wees in hierdie huidige tydelike lewe, maar sonder God is dit blote ydelheid! Paulus skryf: "Laat niemand homself mislei nie: as iemand meen dat hy wys is onder julle in hierdie wêreld, laat hom dwaas word, sodat hy wys kan word; want die wysheid van hierdie wêreld is dwaasheid by God; want daar is geskrywe: Hy wat die wyse mense in hulle

listigheid vang; en verder: Die Here ken die gedagtes van die wyse mense, dat dit nietig is" (1 Korinthiërs 3:18-20).

Hoe dikwels het u gesien dat sogenaamde "kundiges" hul kennis gebruik om die eenvoudige waarheid van die Skrif te verdraai of te ignoreer? Waarlik, "die wysheid van hierdie wêreld is dwaasheid by God". In sy brief aan die Griekse Korinthiërs (hulle "soek wysheid", soos hy vroeër opgemerk het) skryf Paulus: "... want die Jode vra 'n teken en die Grieke soek wysheid, maar ons verkondig Christus wat gekruisig is, 'n struikelblok vir die Jode en dwaasheid vir die Grieke; maar vir die wat geroep is, Jode sowel as Grieke: Christus, die krag van God en die wysheid van God. Want wat dwaas is by God, is wyser as die mense; en wat swak is by God, is sterker as die mense" (1 Korintiërs 1:22-25).

Ware kennis wat verder strek as nietigheid, is slegs beskikbaar vir diegene wat hulself verneder om te lewe volgens God se wysheid, eerder as dié van die wêreld. Soos Jesus gebid het: "Ek loof U, Vader, Here van die hemel en die aarde, dat U hierdie dinge verberg het vir wyse en verstandige mense en dit aan kindertjies geopenbaar het" (Mattheüs 11:25). Klein kindertjies in Christus sal oor groter wysheid en begrip beskik. "Die vrees van die HERE is die beginsel van die wysheid; almal wat dit beoefen, het 'n goeie verstand" (Psalm 111:10). Die teken van ware sukses is nie hoë

status en invloed nie; dit is diens en gehoorsaamheid aan God.

Najaag van sensuele plesier?

Sommige mense jaag plesier na as die lewe se uiteindelijke doel. Koning Salomo, wat “alles gehad het”, skryf: “Ek het in my hart gesê: Nou ja, ek sal jou met vreugde op die proef stel; geniet dan die goeie! Maar kyk, ook dit was tevergeefs” (Prediker 2:1). Deesdae soek miljoene mense genot deur seksuele onsedelikeit, dwelmmisbruik, alkoholmisbruik en skynbaar elke denkbare vorm van stimulasie. Tog het die apostel Johannes gewaarsku: “Moenie die wêreld liefhê of die dinge wat in die wêreld is nie. As iemand die wêreld liefhet, dan is die liefde van die Vader nie in hom nie. Want alles wat in die wêreld is – die begeerlikheid van die vlees en die begeerlikheid van die oë en die grootsheid van die lewe – is nie uit die Vader nie, maar is uit die wêreld. En die wêreld gaan verby en sy begeerlikheid, maar hy wat die wil van God doen, bly vir ewig” (1 Johannes 2:15-17). Ware sukses is blywend – dit gaan nie verby nie – maar wellus en trots sal tot 'n einde kom en diegene wie hierdie soort ydelheid najaag, sal die prys betaal.

Seks buite die huwelik word deur baie mense in vandag se samelewing as “normaal” beskou. Dink egter aan die gedeelte uit die boek van Spreuke – 'n vader se waarskuwing aan sy seun, waarin hy by hom aandrang om

hoere te vermy: “... want die lippe van die vreemde vrou drup heuningstroop, en haar verhemelte is gladder as olie, maar op die end is sy bitter soos wilde-als, soos 'n swaard aan weerskante skerp. Haar voete daal na die dood toe af, haar treë streef na die doderyk toe ... Hou jou weg ver van haar af, en kom nie naby die deur van haar huis nie, sodat jy nie jou bloei aan ander gee ... nie ... en jy uiteindelik moet steun as jou liggaam en jou vlees verteer is” (Spreuke 5:3-11).

Miljoene – selfs miljarde – mense is mislei en geruineer deur seksuele versoekings. Hulle saai in die vlees en, soos Galasiërs 6:8 waarsku, sal hulle uit die vlees verderf maai. God keur dit goed dat ons seksuele genot ervaar – maar binne die huwelik! Plesier op sigself is nie sukses nie; God wil hê dat ons die lewe ten volle moet geniet binne Sy wette en Sy insettinge. Jesus Christus het gekom dat ons lewe en oorvloed kan hê (Johannes 10:10). God se manier bring vervulling vandag, sonder om môre berou en lyding te ervaar. “Die seën van die HERE – dit maak ryk, en moeitevolle arbeid voeg daar niks by nie” (Spreuke 10:22).

Na al sy eksperimentering het Koning Salomo tot 'n finale gevolgtrekking gekom: “En buitendien, my seun, wees gewaarsku; aan baie boeke maak kom geen einde nie, en baie studie is vermoeiing van die vlees. Die hoofsaak van alles wat gehoor is, is: Vrees God en hou sy geboeie; want dit geld vir

alle mense. Want God sal elke werk bring in die gerig wat kom oor al die verborge dinge, goed of sleg” (Prediker 12:12-14). Die Nuwe Vertaling stel die laaste deel van vers 13 só: “Dien God en gehoorsaam sy geboeie. Dit is wat van die mens gevra word”.

Sommige belydende Christene neem aan dat dit onmoontlik is om God se geboeie te onderhou. Hulle bedink ongelooflike interpretasies om hul gebrek aan gehoorsaamheid aan God die Vader en Jesus Christus te verskoon. Nogtans verklaar die apostel Paulus: “Ek is **tot alles** in staat deur Christus wat my krag gee” (Filippense 4:13). Christene wat die krag van God – die Heilige Gees – binne-in hulle het, kan staatmaak op God se krag om gehoorsame en werklik suksesvolle lewens te leef!

Die Skrif openbaar die onsigbare en onveranderlike wette van die lewe. Wanneer ons in harmonie is met daardie beginsels en voorskrifte, is ons suksesvol. Van die begin van die Bybel af tot die einde daarvan, sien ons dat gehoorsaamheid aan God se lewenswyse seëninge bring. Ongehoorsaamheid bring vloeke. Sonder God bring die wêreld se maatstawwe van sukses – besittings, mag, posisie en plesier – net pyn, lyding, mislukking en dood. Diegene wat sukses meet aan selfbevrediging, selfbevordering en selfgesentreerdheid benadeel op die ou end hulself en andermense.

God wil hê dat ons gelukkige, oorvloedige lewens moet leef. Baie mense maak egter die fout deur geluk as 'n einddoel of doel op sigself te stel. Hulle raak gevolglik gefrustreerd. Kommentator Dennis Prager gee hierdie beginsel: Een “geheim” tot geluk “is om te besef dat geluk 'n neweproduk is van iets anders. Die mees voor-die-hand-liggende bronne is daardie

strewes wat ons lewens betekenis gee – enigiets van die bestudering van insekte tot die speel van sagtebal. Hoe meer passies ons het, hoe meer geluk is ons geneig om te ervaar” (“*A Simple Truth About Happiness*”, *Reader's Digest*, Junie 1998, bl. 99). Die grootste geluk kom natuurlik as 'n neweproduk van die grootste doel – die soeke na God se Koninkryk.

Ware sukses kom net deur

die Verlosser van die wêreld, Wie ons geleer het om te leef volgens elke woord van God. Wanneer ons dit doen, deur die krag van die Heilige Gees – God se geskenk aan diegene wat hulle bekeer en laat doop – dan leef ons werklik gelukkige en suksesvolle lewens in liefde en diens teenoor ander mense, terwyl ons onself voorberei vir toegang tot die Koninkryk van God en die huisgesin van God. **WVW**

Die Tien Gebooie

Die hedendaagse “moderne” samelewing is verdeeld oor die Tien Gebooie.

Is daar mee “weggedoen” deur goddelike bevel of deur die mensdom se verskuiwing na wetenskaplike kennis? Moet dit in openbare plekke vertoon word of moet dit beperk word tot die kerk? Is dit 'n las vir “verligte” mense of 'n seën vir diegene wat dit onderhou? Koning Dawid sê: “Hoe lief het ek u wet” en noem dit volmaak; die apostel Paulus noem dit heilig, regverdig en goed; Jesus eer, vervul en gehoorsaam die Tien Gebooie en gebied ook gehoorsaamheid daaraan. Vir die meeste mense bly die Tien Gebooie egter 'n raaisel wat nooit verstaan is nie. Hierdie boekie verduidelik in maklike terme hierdie onverbiddelike lewende Wet wat binnekort die basiese Wet sal word van die toekoms se vreedsame, voorspoedige, vreugdevolle wêreld!

Skryf in of skakel ons om u eie gratis kopie van hierdie insiggewende boekie te ontvang!

Vervolg vanaf bladsy 22 – Wetenskap vs. Oordeelsdag 2012

wat wêreldwye gesag moet bekom (Openbaring 13:11-14); 'n groot ekonomiese, militêre, politieke reus wat die hele wêreld sal oorheers in samewerking met die valse wêreldwye godsdiens (verse 1-4), 'n tydperk van twee-en-'n-half jaar van gruwelike vervolging van ware Christene en die afstammeling van Israel, in die Skrif bekend as die “Groot

Verdrukking” (Mattheüs 24:21; Openbaring 7:14), 'n jaar-lange tydperk van God se wraak op 'n rebelse wêreld (Jesaja 34:8), direk voor die wederkoms van Jesus Christus – die *werklike* einde van hierdie tydperk!

Kan iets dramatiese met ons planeet gebeur in Desember 2012? Beslis. Ons leef in dramatiese tye! Indien daar egter iets gebeur, sal dit die

naderende einde van die wêreld aandui? Die wetenskap werp groot twyfel oor die geldigheid van die 2012-behepte doemprofete. Dit is eintlik God wat die saak heeltemal duidelik maak: Die einde van hierdie tydperk sal binnekort aanbreek, maar dit sal *nie* op 21 Desember 2012 wees nie! **WVW**

Die Bere

Deur J. Davy Crockett III

Hoe kan u voorberei vir moeilikheid sonder om te swig voor vrees?

Die spreker by ons besigheid se ontbyt was 'n vooraanstaande prokureur wat bekend was vir sy diens aan die gemeenskap. In sy opmerkings, het hy verwys na die genot wat dit hom verskaf het om met die *Boy Scouts* van Amerika-program te werk, veral met die *Cub Scouts*.

Hy het vertel van 'n ervaring met 'n groepie van die *Cub Scouts* op 'n oornag uitstappie. Hulle het die stap en voetslaan deur die bos, swem en ander vermaaklike kamp-aktiwiteite baie geniet. Ná aandete, ná die gesels om die kampvuur, was dit tyd vir die seuns om te gaan slaap.

Dit het stil geword terwyl die seuns in hul slaapsakke ingekruip het vir die nag en die prokureur en ander leiers was bly om 'n bietjie verposing te hê na die besige bedrywighede van die dag. Na 'n paar minute van stilte, het een seun egter gepraat en met bewing in sy stem gevra: "Leier, gaan ons dan nie bid nie?" Die leier het vinnig geantwoord: "Ja seker, ons kan dit doen. Jy kan eerste wees". Die seun het daarop uit sy slaapsak gekruip. Op sy knieë, met groot erns, het hy hardop gebid: "Here! Red ons van die bere!"

Tot op daardie oomblik was daar geen bespreking of kommer aangaande bere nie en skynbaar was daar niemand anders wat belanggestel het om te bid nie.

Nadat die jong kampeerder egter sy opregte gebed tot God afgesluit het, het die ander kampeerders – nou bedag op die gevare om in die bos te slaap – elkeen, op sy beurt, uit sy slaapsak gekruip en sy opregte, dringende gebed gedoen vir die beskerming teen die bere.

Hierdie humoristiese en hartroerende storie herinner ons daaraan dat ons soms ook onbewus is van 'n probleem, werklik of denkbeeldig, totdat iemand anders ons bewus maak daarvan.

In die gevaarlike tye waarin ons leef, behoort ons sekerlik bedag te wees op gevare en moontlike probleme. Nogtans behoort ons nie te oorreeger nie, nog minder behoort ons bevrees te wees. Die Bybel het baie te sê oor hierdie onderwerp. Gevare, probleme, beproewings en toetse is niks nuuts in die menslike ervaring nie, die Een wat die Skrif geïnspireer het, gee ons waardevolle instruksies en riglyne om die uitdagings van die lewe die hoof te bied met 'n kalm gees en met vrede in die gemoed.

Dink byvoorbeeld na oor hierdie pêrel van wysheid: "n Skrander mens sien die onheil en verberg hom, maar die eenvoudiges gaan verder en word gestraf" (Spreuke 22:3). Diegene wat wys is, is bedag op wat rondom hulle aangaan en is

voorbereid wanneer 'n slegte of skadelike situasie dreig om te gebeur. Indien hulle daarvan bewus is, kan hulle in staat wees om sodanig te reageer dat skade of verlies nie kan plaasvind nie. Ons behoort inderdaad in alle omstandighede bedag te wees op wat rondom ons aangaan.

Ongelukkig is sommige mense té versigtig – selfs bevrees – sonder enige werklike regverdiging. Dink na oor wat ons lees in Spreuke 26:13: "Die luiaard sê: Daar is 'n leeu op die pad, 'n leeu op die pleine". In hierdie geval is die veronderstelde gevaar nie werklikheid nie, dit is slegs 'n verskoning om aksie te vermy en na te laat om te doen wat gedoen behoort te word.

Daar is baie angs in ons huidige tydperk. Die Bybel sê egter aan ons dat as ons in die eerste plek die koninkryk van God en sy geregtigheid soek, hoef ons nie bang te wees nie (Mattheüs 6:33). Jesus Christus het hierdie vertroostende woorde met Sy dissipels gedeel: "Moenie vrees nie, klein kuddetjie, want julle Vader het 'n welbehag daarin gehad om aan julle die koninkryk te gee." Op 'n later tydstip is die apostel Johannes geïnspireer om te skryf: "Daar is geen vrees in die liefde nie; maar die volmaakte liefde dryf die vrees buite" (1 Johannes 4:18).

Dus, terwyl ons altyd bedag behoort te wees op die "bere" wat

Vervolg op bladsy 26

Die Werke van Sy hande

Wetenskap vs. Oordeelsdag 2012

Deur Wallace G. Smith

Indien u geluister het na die regte mense – of miskien meer akkuraat, die *verkeerde* mense – kon u moontlik gehoor het dat die mensdom in Desember 2012 óf die einde van die wêreld, óf die aanbreek van 'n nuwe era sou beleef.

Sommige mense beweer dat daar 'n geheimsinnige “ekstra planeet” is – wat onder andere *Nibiru* of *Planet X* genoem word – wat in ons sonnestelsel rond sweef en wag om teen die einde van 2012, teen die aarde te bots. Ander mense beweer weer dat die planeet se magnetiese veld sal omswaai – waardeur massiewe kontinentale omwentelinge, rampspoedige vulkaniese uitbarstings en wêreld-beëindigende oorstromings veroorsaak sal word. Nog ander mense voorspel rampe wat verband hou met die aarde se kruising van die “galaktiese vlak” van die Melkweg.

Waarom Desember 2012? Omdat 'n paar mense beweer dat die Maja – 'n antieke, Meso-Amerikaanse ryk – op 21 Desember 2012 (of 'n paar dae voor of na dit) voorspel het dat die einde van 'n era sou aanbreek, wat groot verwoesting sal bring, of moontlik 'n nuwe goue era van vrede – of moontlik albei.

Was daar enige rede om rampspoed te verwag gedurende Desember 2012? Baie

mense beweer dat verslae van NASA en ander wetenskaplike organisasies hulle aansprake ondersteun. Die Maja is onder die volke van die antieke wêreld wat die meeste bestudeer en nagevors is. Het hulle dus inderdaad sulke voorspellings gemaak aangaande Desember 2012?

Die antwoord is 'n dawerende “nee!”

Dink aan die bewering wat sommige mense gemaak het dat 'n rigtinglose planeet in ons sonnestelsel skuil, op koers om met ons planeet te bots, om binnekort die lewe op die aarde vir ewig te verander, indien dit nie heeltemal beëindig sal word nie. In die mensdom se eindelose astronomiese opnames van die nagtelike hemel, was daar dus 'n “*Nibiru*” of 'n “*Planet X*” onder die sterre wat besigtig is, terwyl dit op ons afpyl in 'n dans van inter-planetêre dood en verdoeming?

Nie in die minste nie! Ten spyte van al ons gesoekery is geen sodanige voorwerp *nog ooit gesien nie*. Volgens dr. David Morrison van NASA se amptelike “*Ask an Astrobiologist*” Webblad, het sy organisasie “duisende navrae ontvang aangaande *Nibiru* en 2012”. Die antwoord is eenvoudig: Daar is nie so 'n ruimtelike voorwerp in sig nie. Hy sê: “Vir 'n sterrekundige is

volgehoue aansprake aangaande 'n planeet wat 'naby' maar 'onsigbaar' is, net eenvoudig dwaas”. Hy skryf selfs nog meer onomwonde: “Die doemprefete is besig om 'n **kullery te bevorder**”.

Amerika se ruimte-agentskap het ook ingegaan op die moontlikheid van 'n ommekeer van die magnetiese pole en die gevolge van so 'n gebeurtenis. Die bewyse van die aarde se kors en ondersoek van diep kern-monsters geneem van die oseaan-vloer dui op die moontlikheid dat die aarde reeds voorheen pool-ommekering ondergaan het – tye toe die magnetiese noorde en suide “kante omgeruil” het. Nie een hiervan was egter op enige wyse vereenselwig met groot vernietiging op enige wyse nie: “Die fossielrekord toon geen drastiese veranderings in die plant- of dierlewe nie ... daar is niks in die miljoene jare van geologiese rekord wat aandui dat enige een van die 2012 doem-scenario's verbonde aan 'n pool-ommekering ernstig opgeneem moet word nie”. (“*2012: Magnetic Pole reversal Happens All the (Geologic) Time*”, *NASA.gov*, 30 November 2011).

Wel, moontlik sal die kruising van die “galaktiese vlak” – 'n gebeurtenis wat party mense beweer die Maja in

antieke tye voorspel het om plaas te vind in Desember 2012 – ons benadeel? Nie volgens ruimtewetenskaplikes nie. Sterrekundige Bruce McClure van *EarthSky.org*, wys daarop: “Nee, die aarde sal nie deur die galaktiese vlak in 2012 beweeg nie, in teenstelling met wat u dalk gehoor het. Die aarde sal nie in die nabye toekoms fisies deur die vlak van die Melkweg sterrestelsel gaan nie” (*EarthSky.org*).

Wat het die Maja (nie) gesê (nie)?

Indien 'n persoon die wetenskap agter die baie aansprake van komende wêreldwye verwoesting wat voorspel word deur 2012-ologiste ondersoek, vind mens konsekwent dat wetenskap *nie* die aansprake ondersteun nie.

Dit blyk dat indien die antieke Maja enige soort van wêreldwye of kosmiese bohaai voorspel het in Desember 2012, hulle 'n bietjie van die spoor af was. Het hierdie antieke mense ooit werklik die dinge voorspel wat aan hulle toegedig word?

Die bewyse sê baie duidelik dat hulle nie het nie.

Alhoewel baie amateurs, Maja-stokperdjie-liefhebbers en *New Age* ghoeroes beweer dat hulle 2012-verwante besonderhede kan ontrafel uit die baie, baie artefakte en rekords wat ons van die antieke Maja-kultuur het – soos die indrukwekkende, gedetailleerde *Dresden Codex* en die befaamde ná-koloniale *Chilam Balam* – is die kragtige

konsensus van Maja-geleerdes dat *nie een enkele een* van hierdie werke óf verdoemenis en somberheid of 'n groot nuwe era van vrede in 2012, voorspel nie. Selfs die idee dat die Maja-kalender op die een of ander manier in 2012 “eindig”, is weerlê deur moderne navorsing. Die Kansas Universiteit geleerde, dr. John Hoopes, 'n spesialis in pre-Columbiaanse beskawing, verduidelik: “Nêrens in die databasisse van die wetenskap sê dit dat die 2012 datum die einde van die Maja-kalender is nie”. Om die waarheid te sê, nie net het Maja verwysings na datums heel verder as 2012 wat reeds vir dekades bekend is nie. 'n Onlangse bevinding in die noorde van Guatemala, in die Maja se Xultun ruïnes, is een van die oudste Maja-kalenders wat nog ooit ontdek is, wat ook van datums melding maak duisende jare in die toekoms (“*Ancient Time: Earliest Mayan Astronomical Calendar Unearthed in Guatemala Ruins*”, *Scientific American*, 10 Mei 2012). Oorvloedige bewyse dui aan dat die Maja geglo het tyd sou inderdaad voortgaan soos nog altyd, lank ná 2012 gekom en gegaan het.

Trouens, soos dr. Robert Sitler, skrywer van *The Living Maya* – 'n kundige wat die Maja vir dekades bestudeer het – in korrespondensie opgemerk het: “Die 2012 verskynsel het ontstaan buite die Maja-kulturele konteks en word nou eers ingevoer in die Maja-wêreld”.

Ongelukkig, alhoewel die idee hoegenaamd geen basis vir die waarheid bevat nie, is die idee van 'n antieke Meso-Amerikaanse beskawing wat op een of ander manier deur tyd tot in ons dag kon sien en daarin 'n spesifieke datum vir globale verandering en ramspoed gesien kon word, vir baie mense te moeilik om te weerstaan. Gevolglik het die gekkespul en ophef voortgegaan. Dit is dalk nie 'n verrassing nie, gegewe die voor-die-hand-liggende onrus rondom ons in ons wêreld van vandag.

Wat is geprofeteer?

Vir diegene wat vertrou is met die Skrif, is die wetenskap se uitspraak op die 2012-histerie geen nuus nie. Daar is, na alles, 'n Almagtige God in die hemel wat *wel* die einde verklaar van die begin af (Jesaja 46:10) en wat profetiese kennis openbaar van die gebeure wat nog moet plaasvind. In teenstelling met die periodieke uitsprake van *New Age* ghoeroes en profeet napers deur die jare, is Sy rekord volmaak!

In die bladsye van die Skrif maak God dit duidelik dat daar inderdaad botsings met liggame uit die ruimte sal wees (Openbaring 8:8-11), asook ramspoedige, planeetveranderende aardbewings (Openbaring 16:18-20). Nogtans vertel dieselfde God aan ons ook van spesifieke gebeure wat hierdie rampe moet *voorafgaan*: Vals en misleidende godsdienstige magte

Vervolg op bladsy 19

Vrae & Antwoorde

VRAAG: In Openbaring 22:16 beskryf Jesus Christus Homself as “die blink môrester”. In Jesaja 14:12 lees ons van 'n “môrester” (in Latyn is dit “Lucifer”, uit die Hebreeuse *helel*). Stel die Bybel op die een of ander manier Christus gelyk aan Lucifer? Verduidelik asseblief.

ANTWOORD: Die Griekse Nuwe Testament gebruik verskeie woorde en frases wat verwys na “die môrester” in verband met Jesus Christus. Bykomend tot Openbaring 22:16, praat 2 Petrus 1:19 van die “môrester” (*phōsphoros*) in verband met die uiteindelijke redding van die heiliges (by implikasie, wanneer Jesus terugkeer om die heiliges op te wek). *Phōsphoros* is 'n Griekse eienaam vir die “môrester” wat beteken “ligdraer”. In Openbaring 2:28 vind ons die woord “môrester” vertaal uit die Griekse frase *ton astra ton prōinon*. “En aan hom wat oorwin” (vers 26) – die oorwinnaar in die Christelike stryd – sal hierdie beloning direk van Jesus Christus ontvang, Christus wat die “lig” was wat in die wêreld gekom het (Johannes 1:9, 8:12).

Die ooreenstemming is, net soos die “môrester” die aankondiger van die dagbreek is, so is Jesus Christus, as die Koning van die komende Koninkryk van God op aarde (vergelyk Jesaja 60:1-5), die aankondiger van verlossing. Hy was hier “om kennis van saligheid aan sy volk te gee in die vergifnis van hulle sondes, deur die innige barmhartigheid van onse God waarmee die opgaande Lig uit die hoogte [die sonsopkoms] ons besoek het” (Lukas 1:77-78). Verder, die “Dawidiese Koning” – die Messias of Christus wat geprofeteer is om uit Israel te verrys – word gesimboliseer as 'n “ster” (*kokhav*) in Numeri 24:17.

Hou dit alles enige verband met Jesaja 14:12, waar ons lees: “Hoe het jy uit die hemel geval, o môrester, seun van die dageraad! Hoe lê jy teen die aarde neergeslaan, oorweldig van die nasies!” Laat ons eers die naam “Lucifer” (wat “ligdraer” beteken), ondersoek. Dit is die Latynse eienaam vir die “môrester”. In die King James Bybel, is die naam *Lucifer* onveranderd oorgeneem uit die Latynse Vulgaat. Dit is 'n vertaling van die Hebreeuse eienaam vir die “môrester”, *Helel ben Shahar*, wat “Skynende Een, Seun van Dagbreek” beteken. Die Griekse Septuagint gebruik nog 'n ander Griekse eienaam vir die “môrester” om *Helel* mee te vertaal in Jesaja 14:12: *ho Heōsphoros* (“die dagbreek-draer”). Al hierdie eiename en die Nuwe-Testamentiese

name en frases wat hierbo bespreek is, verwys na een voorwerp wat ons vandag ken as die planeet Venus (die helderste sigbare “ster” wat bekend was aan die mense van ouds) wanneer dit in die oggendlug verskyn.

Die wese bekend as Lucifer [Satan] was eens een van die “môresterre” of hoof-engele (Job 38:7), hy was ook 'n “gêrub wat beskut” (Esegiël 28:14, 16) net soos een van die twee engele wat op die verbondsark uitgebeeld was (Eksodus 25:19-20). Moontlik was hierdie wese die “helderste” van drie gerubs wat met hul vierke God se troon beskut het (die ander twee is Michael en Gabriël, die enigste ander engele wat by name in die Bybel genoem word).

Let ook daarop dat vyf planete (Mercurius, Venus, Mars, Jupiter en Saturnus, met Venus verreweg die helderste) almal as “môresterre” met die blote oog gesien kan word. As 'n “gêrub wat beskut” het Lucifer vroeër gewandel tussen die vurige gesteentes by God se troon (Esegiël 28:14) – presies dieselfde gesteentes of kole van vuur wat tussen die vier gêrubs was wat ewe-eens so vertoon word in verband met God se troon (Esegiël 10:1-2, 6-8). Lucifer (hy word in Esegiël 28 “die koning van Tirus” genoem) word nie vermeld in Esegiël se visioen van God se troon nie.

In elk geval, aangesien Lucifer moes uitstyg bo die aarde se wolke om 'n aanslag te maak teen God se troon in die hemel (vgl. Jesaja 14:12-14) en aangesien hy uit 'n baie aards-gesentreerde perspektief beskryf word, is dit te verstane dat hy 'n amp op die aarde beklee het voor sy opstand teen God. Verskeie kere regdeur die hele Bybel, word hy wat Satan die duiwel geword het, direk en indirek, beskryf as die verlede en die teenwoordige tyd se heerser van die aarde. Ons kan aflei dat hy, as die belangrikste “môrester”, een maal die aankondiger van God se Koninkryk en regering op aarde was. Jesus, die Christus, is egter nou die “môrester” – omdat Hy binnekort sal kom om God se Koninkryk en regering op die aarde te herstel en om 'n einde te maak aan Satan se opstand en die mensdom (omdat hulle onder sy invloed is) se verwerping van die waarheid (vgl. Handeling 4:19-21). **WVW**

Profesie neem

Wanneer leiers die pad byster raak!

Wat is besig om te gebeur met Amerika en Groot Brittanje? Hierdie twee nasies, saam met hulle Anglo-Saksiese neefs, het die wêreld vir die laaste 200-400 jaar oorheers. Vandag egter degenerer hierdie nasies moreel, hulle is polities verdeeld, godsdienstig verward en finansiëel in groot moeilikheid. In die oë van die wêreld word hierdie voorspoedige, eensdominerende lande gesien as *nasies in verval*. Min mense verstaan skynbaar wat tot hierdie dramatiese verval gelei het. Antieke Bybelse profesieë wat vandag gestalte aanneem, wys egter 'n belangrike oorsaak uit!

Die impak van leiers

Baie mense besef dat ons wêreld hoofsaaklik is wat ons leiers daarvan gemaak het. In die 1930's het Nazi-leiers beheer verkry oor Duitsland. Om hulle magsgreep te verstewig, het hulle antieke heidense rituele laat herleef, 'n geslag jongmense geïndoktrineer in 'n kultus van die Führer en 'n moderne geïndustrialiseerde nasie gedryf tot militêre avonture wat geëindig het met Duitsland in puin en Europa verwoes.

'n Dekade of so vroeër het ateïstiese Bolsjewistiese leiers in Rusland die mag oorgeneem. Hulle het godsdiens verwerp, Marxistiese ideologie bevorder

en propaganda en brute krag gebruik in hul poging om 'n nasie grondliggend te verander. Hulle ateïstiese kommunistiese eksperiment het miljoene lewens geëis en lyding aan baie geslagte veroorsaak – maar uiteindelik misluk omdat dit op 'n waardesisteem gebaseer was wat vreemd was aan die bevolking van Rusland.

Amerika, Brittanje en die nasies van hulle Anglo-Saksiese neefs was gebou op 'n heeltemal ander fondament as die eksperimente hierbo genoem wat misluk het. Die stigtingsvaders van die Verenigde State van Amerika – net soos die vormende leiers van Brittanje, Holland, Kanada, Australië, Nieu-Seeland en Suid Afrika – was sterk beïnvloed deur beginsels wat afgelei is uit die Bybel, beginsels wat die hoofaspekte van die Westerse beskawing gevorm het. Hoewel hulle toepassing daarvan soms redelik ver verwyder was van wat die Bybel werklik voorskryf, het dit hul nasies 'n fondament gegee wat baie verskil van wat ons sien in die baie nasies wat nie eers 'n poging aangewend het om “Christelike” beginsels aan te neem nie. Hierdie nasies se leiers erken openlik hulle skuld aan, en selfs hulle vertrou op die God van die Bybel, en gee Hom die eer vir die sukses en voorrang van hulle nasies.

Dit is te betreur dat hedendaagse leiers van hierdie selfde nasies wat gegrond was op Christelike beginsels, grootliks *wegbeweeg* het van daardie oorspronklike beginsel, selfs terwyl hulle nasies struikel. Nogtans is daar min mense wat gewillig is om die “kolletjies met mekaar te verbind”. Die meeste versuim om 'n verband te sien tussen hierdie dramatiese verskuiwing – van 'n godsdienstige na sekulêre wêreldbeskouing, van Christelikheid na 'n verbruikersmentaliteit, van Bybelse sedelikheid na “enigiets is goed genoeg” – in die huidige toestand van verval; nogtans is die duidelike ooreenkomste daar!

Vertrek en verval

Wat vandag algemeen geïgnoreer word, is die *profetiese waarskuwings* wat Bybelse profete gerig het aan die voorvaders van die hedendaagse Anglo-Saksiese volkere. Jesaja het die welvarende nasie van Israel gewaarsku, “o My volk, jou leiers is verleiers, en die weg wat jou pad moes wees, het hulle tot 'n dwaalweg gemaak” (Jesaja 3:12), “en die leiers van hierdie volk het verleiers geword, en dié van hulle wat gelei word, is op 'n dwaalweg gebring” (Jesaja 9:15). Jesaja waarsku ook: “Wee hulle wat sleg goed noem

gestalte aan

en goed sleg” (Jesaja 5:20). Jeremia waarsku die welvarende nasie van Juda: “Baie herders het my wingerd verniel” (Jeremia 12:10). Hy waarsku ook in Jeremia 22:13: “Wee hom wat sy huis bou met ongeregtigheid” [die wette van God minag – Psalm 119:172]. Jeremia bulder teen die misleide leiers van Israel en Juda: “... hulle [is] daarop bedag om my volk my Naam te laat vergeet ... [hulle wat] my volk verlei met hulle leuens en hulle grootpraterij” (Jeremia 23:13, 25-27, 32).

Ongelukkig het dit ook oor die laaste vyftig jaar gebeur in Amerika, Brittanje en ander Anglo-Saksiese nasies – tydens dieselfde jare wat getuig van die dramatiese verval van hierdie eens bewonderde nasies. Akademiese instellings wat toekomstige leiers oplewer, is geleidelik oorgeneem deur wêreldse aktiviste wat anti-Amerikaanse idees bevorder, alles wat die Westerse beskawing tot stand gebring het, die Bybelse sedelike waardes wat eens hulle nasies onderskei het van die wêreld, word ondermyn en geminag. Die kollege radikale van die 1960's het nie verdwyn nie, baie van hulle is nou administrateurs van universiteite en permanente professore wat hulle radikale Marxisties-geïnspireerde idees

bevorder onder nuwe geslagte, regoor die Westerse wêreld. Hierdie verskynsel is erken deur beide Amerikaanse en Britse skrywers; sien Peter Hitchens se *The Abolition of Britain* vir 'n volledige verslag. Dit is geen wonder dat jong mense wat geprogrammeer is om pornografie te duld asook om homoseksualiteit en dieselfde-geslag huwelike as normale, gesonde, alternatiewe leefwyses te aanvaar, ook politieke kandidate sal ondersteun wat dieselfde boodskappe uitdra – ten spyte van die feit dat hierdie onbybelse gedrag *verseker nie* gesond of bevorderlik is vir 'n gesonde samelewing nie (sien “*Homosexuality: Some Neglected Concerns*”, *Journal of American Physicians & Surgeons*, Herfs 2005, bl. 80-82).

Dit is jammer, maar baie liberale teoloë het ook hierdie selfde misleide idees aanvaar. Dit was hoofsaaklik die leiers van liberale kerke wat voorstanders was van die aanvaarding van homoseksualiteit, die inseëning van vroue en homoseksuele mans, asook die viering van dieselfde-geslag huwelike. Die gevolge van die bevordering en aanneming van hierdie moderne “progressiewe” veranderings was dikwels bitsige onenigheid in kerklike gemeentes en redes vir 'n

dramatiese afname in lidmaatskap in eens prominente hoofstroom denominasies. Die voorbeeld van politieke leiers wat een ding sê en iets anders doen, asook godsdiensteleiers wat idees bevorder wat teenstrydig is met die Skrif, wat veronderstel is om die basis te vorm van hulle geloofsbelydenis, het tot 'n afname van respek vir politieke en godsdienstige leiers regoor die Westerse wêreld gelei.

Leiers maak 'n verskil

Die Bybel boekstaaf die kragtige invloed van leiers – goed en sleg – op hulle nasies. Jerobeam, die eerste koning van die noordelike nasie van Israel het 'n kragtige invloed op die nasie en op elke koning wat na hom gekom het uitgeoefen. Hy het hom gedistansieer van God, heidense weë aangeneem en die nasie gelei om sy voorbeeld permanent te volg! Die Bybel boekstaaf “die sondes van Jerobeam wat hy gedoen het en waarmee hy Israel laat sondig het” (1 Konings 12:28-33, 14:16; 2 Konings 17:20-21). Misleide konings van Juda het ook daardie nasie van God laat afdwaal. Ten spyte van pogings tot hervorming deur konings soos Asa, Hiskia en Josia, het beide nasies uiteindelik in ballingskap gegaan *omdat* hulle leiers gevolg het wat van God en

Sy weë weggedraai het.

Hierdie Ou-Testamentiese verhale is nie antieke geskiedenis wat ons maar kan bekostig om te vergeet nie; dit is lesse uit die geskiedenis wat opgeteken is om ons vandag te vermaan (1 Korinthiërs 10:11). Moses het aan die Israeliete gesê toe hulle uit Egipte gekom het dat indien hulle aan God gehoorsaam sou wees, hulle geseën sou word: “Maar as julle nie na My luister ... as julle siel van my verordeninge 'n afsku het ... [sal] Ek ... julle trotse mag verbreek” (Levitikus 26:14-19). Jeremia het die Israeliete

gewaarsku: “Jou eie boosheid sal jou tugtig, en jou afkerighede sal jou straf; weet dan en sien dat dit verkeerd en bitter is dat jy die HERE jou God verlaat het” (Jeremia 2:19-20), weereens, “Omdat hulle my wet wat Ek hulle voorgehou het, verlaat het ... Ek verstrooi hulle onder die nasies” (Jeremia 9:13-16). Hosea boekstaaf aangaande Israel: “Omdat Israel sy Maker vergeet” en God se wette “word as iets vreemds geag” sal “hulle [wind] saai ..., maar hulle sal storm maai” en in ballingskap weggevoer word tussen die heidense nasies (Hosea 8:7-

14). Hierdie traumatiese gebeure het oor die antieke nasies van Israel en Juda gekom omdat hulle hul misleide leiers gevolg het wie hulle “op 'n dwaalweg gebring” en hulle hul gedistansieer het van God en Sy weë. Dit is tragies dat die Anglo-Saksiese volkere, onbewus van die lesse uit hulle eie geskiedenis, vandag dieselfde dinge doen. Tensy hulle hul bekeer en hul na God wend, wag hierdie selfde lot in die nabye toekoms op hierdie hedendaagse Israeliete!

—Douglas S. Winnail

Vervulde Profesie: God se Hand in Wêreldsake

Vandag staar die mensdom verbysterende krisisse van oorlog, siektes, besoedeling, droogte en hongersnood in die gesig. Waarheen sal dit alles lei? Bybelprofesie onthul dat God deur huidige gebeure werk om 'n toekomstige tyd tot stand te bring wanneer die hele wêreld vrede sal ervaar. Indien u verstaan wat God nou doen en wat Hy vir Sy skepping beplan het, kan u hoop hê, selfs in tye van teëspoed!


Skryf in of skakel ons om u eie kopie van die boekie met hierdie noodsaaklike inligting in die hande te kry!

Vervolg vanaf bladsy 20 – Die Bere

ons mag teëkom in ons lewens, behoort ons nie beangs te wees nie, solank as wat ons daaglik opkyk na ons hemelse Vader vir beskerming en gemoedsrus, terwyl ons óns deel doen deur te leef soos Hy wil hê ons moet

leef.

Om meer te leer, vra asseblief ons gratis boekie, *Die Tien Gebooie*, aan. U kan aan die Streekskantoor die naaste aan u skryf (adres gelys op bladsy 2 van hierdie tydskrif) om

u eie gratis kopie te bekom, of u kan dit aanlyn lees of 'n gedrukte kopie bestel by www.wvm.co.za. Dit sal aan u toon hoe u lewe die vrugte kan dra van 'n lewe volgens God se lewenswyse! 

U uiteindelijke lotsbestemming

Hoekom is spesifiek ú gebore? Hoekom laat God toe dat selfs toegewyde Christene vir jare en dekades beproef en vervolg word? Hoekom is dit so belangrik dat ons die sonde moet oorwin? Wat is die mens se ongelooflike DOEL op hierdie aarde?

Skryf in of skakel ons vir u eie gratis kopie van hierdie noodsaaklike boekie om die antwoorde op hierdie vrae te kry!

Vervolg vanaf bladsy 2 – Persoonlik

nasies al hoe meer onbeskaamd die Tien Gebooe en God se weë verwerp, sal ons die boete betaal vir gierigheid, selfsug en sonde. God waarsku ons: “Die vreemdeling wat by jou is, sal hoër en hoër oor jou opklim; en jý sal laer en laer afsak. Hý sal aan jou leen, maar jý sal aan hom nie leen nie; hy sal die kop en jy die stert wees” (Deuteronomium 28:43-44). Inderdaad, die twee nasies aan wie Amerika die meeste geld skuld, is China met \$1.3 triljoen en Japan met \$1.0 triljoen (VSA).

Barron berig verder: “Teen die tempo waarteen dit groei, sal die gesamentlike koste verbonde aan *Social Security* en *Medicare alleen*, uiteindelik die grootste deel van die Federale begroting geleidelik oorneem. Voeg ander programme hierby wat *Medicaid*, en ander voorregte insluit en dit sal die hele begroting oorneem” (*ibid.*, bl. 24).

Ek het die voorreg gehad om verskeie “Presentations” van *Tomorrow's World* te gee, waar sommige van u my dit mag hoor benadruk het dat daar wel 'n oplossing is vir al hierdie probleme – 'n oplossing wat net enkele mense gewillig is om toe te pas. God gee 'n kragtige waarskuwing wat nie slegs toepaslik is op individue nie, maar ook op ons nasies as geheel: “Mag 'n mens God beroof? Want julle beroof My, en julle sê: Waarin het ons U beroof? In die tiendes en die offergawe” (Maleagi 3:8). 'n Tiende is 'n tiende van ons inkomste. Die Skepper God besit die aarde en die ganse heelal. Hy gee aan ons elke asementeug van ons lewens. Kyk na die nasionale straf vir ongehoorsaamheid: “Met die vloek is julle belaa, en tog beroof julle My, julle,

die hele nasie! Bring die hele tiende na die skathuis, sodat daar spys in my huis kan wees; en beproef My tog hierin, sê die HERE van die leëskare, of Ek vir julle nie die vensters van die hemel sal oopmaak en op julle 'n oorvloedige seën sal uitstort nie” (Maleagi 3:9-10).

Indien die mense van ons Westerse nasies hul sou bekeer, hul heelhartig na God sou wend en begin om tiendes te betaal, dan sal hul finansiële vloeke omgekeer word. God se weg is die weg van liefde – die weg van “gee”. Roof is 'n sonde, om God te beroof bring 'n vloek mee. Onthou, God kyk na die hart, nie na die bankbalans van diegene wat offergawes gee nie. Jesus het die weduwee wat net twee geldstukkies bygedra het tot die tempel se skatkis, geprys as iemand wat meer milddadig gegee het as die ryk manne wat 'n groot vertoon gemaak het van hulle weldadigheid (Markus 12:41-44).

Soos mense wat lankal *Die Wêreld van Môre* lees weet, God roep nie in hierdie tydvak die meerderheid van die mensdom tot bekering nie. Die meeste mense wat hierdie tydskrif se waarskuwings lees, neem dit nie ter harte nie. Vir die oorgrote meerderheid mense vandag, is die boodskap van die toekomstige Koninkryk van God 'n ernstige **waarskuwing**. Indien u egter van die **min** mense is wie se denke tans deur God oopgemaak word, vir wie Hy **insig** gee in die waarheid wat u vind in *Die Wêreld van Môre*-tydskrif – asook in ons beeldsendings en www.wvm.co.za webwerf – dan het u **nou** die geleentheid om baie van die seëninge wat God na **die hele aarde** gaan bring in die toekomstige

Millennium en Groot Wit Troon Oordeel **in u eie lewe** te ervaar.

Die grootste deel van die mensdom is vandag hier om die les te leer dat 'n lewe van ongehoorsaamheid aan God ydelheid en nutteloos is. Die mensdom se beste finansiële stelsels, maatskaplike programme, intellektuele ondernemings en dapper ontdekkings beteken alles niks as ons nie gehoorsaam is aan God nie. God roep egter selfs vandag relatief min mense as “eerste vrugte” – diegene wat in hierdie tydvak Sy boodskap sal hoor en Hom gehoorsaam sal wees. Deur dit te doen sal hulle “alles wat in die wêreld is – die begeerlikheid van die vlees en die begeerlikheid van die oë en die grootsheid van die lewe” – oorwin (1 Johannes 2:16). Ja, God roep Sy getroue volk om “oorwinnaars” te wees (Openbaring 21:7). Hoe kan ons dit doen? Deur die Verlosser van die wêreld (1 Johannes 4:14)! Dit is deur Hom dat ons kan oorwin. Dink in hierdie verband aan een van dr. Meredith se gunsteling verse: “Ek is met Christus gekruisig,

en ek leef nie meer nie, maar Christus leef in my. En wat ek nou in die vlees lewe, leef ek deur die geloof [van] die Seun van God wat my liefgehad het en Homself vir my oorgegee het” (Galasiërs 2:20).

Deur gedoop te word na bekering “begrawe” ware Christene hulle ou vleeslike natuur. Hulle het Jesus Christus toegelaat om Sy lewe binne-in hul te leef, Sy ware geloof te beoefen terwyl hulle in gehoorsaamheid aan Sy wet en Sy wil, besig is met hul daaglikse bedrywighede. Ware Christene gaan nie net deur die gang van fisiese lewe nie. Hulle is besig om God se eie karakter dag vir dag binne-in hul te bou, namate hul die Heilige Gees gebruik wat hul met die doop ontvang het – om voor te berei vir hul toekomstige geboorte in die Koninkryk van God, met die opstanding, tydens Jesus Christus se wederkoms. Vir ware Christene is *dít* “waarom ons hier is”.

Richard F. Ames

Wêreld van Môre

Bybelstudiekursus

**Skryf gerus vandag reeds in om hierdie insiggewende Bybelstudiehulpmiddel te ontvang!
Dit sal u Bybelkennis grootliks aanvul en u met nuwe oë na die lewe laat kyk.**

**Skryf aan: Lewende Kerk van God
Privaatsak X 3016
Harrismith, FS
9880**

**of skakel : 058 622 1424
en meld dat u navraag doen
na die “Wêreld van Môre” Bybelstudiekursus**